# Absoluut

Jeffersonville, Indiana, USA
30 Desember 1962 (Oggend)

1 So bly om vanmôre hier te wees en hierdie vermaning te hoor, net toe ek na die platform gekom het. Jammer om laat te wees, maar die siekes daar agter, en motors, soos ambulans, en ek moes diegene vang wat nie kon inkom nie (sien julle?) voordat ek kon inkom.

2 Nou, ek wonder of die suster wat die outjie het, of sy nie vanmiddag kan terugkom nie. Ek wil ook vanaand preek, as die Here wil. As sy dan nie kan terugkom vir die toewyding nie (terwyl ons hierdie tyd so lank gestaan het), wel, sê haar sy kan die baba nou bring. Maar as sy vanaand kan terugkom, sal dit 'n bietjie beter wees vir ons. Maar laat toe wat sy ook al kan doen; wat dit ook al beteken. Wel, as sy nie kan terugkom nie, sal ons die outjie nou bring vir die toewyding. En nou, al hierdie… Terwyl ek praat, as sy nou wil kom sal dit die tyd wees.

3 Nou, vanaand is daar 'n baie spesiale… Ek wil vanaand oor die onderwerp praat, 'n profetiese boodskap van "Meneer, Is Dit die Tyd?" So, as die Here wil, wil ek vanaand oor daardie onderwerp praat. "Is Dit die Tyd, Meneer?"—of, "Meneer, Is Dit Die Tyd?" liewer. En dan wil ek hierdie geleentheid gebruik in die teenwoordigheid van die kerk, wat… Daar het baie dinge gebeur in die laaste paar dae wat wys na 'n groot iets wat ek nie verstaan nie. Maar ons is altyd… God se weë is by uitpluis verby deur mense, so ons moet net deur geloof wandel. As enigiemand God kon verduidelik, dan sou dit nie meer nodig wees om geloof te hê nie, want julle weet dan. Maar ons wandel net deur geloof.

En vanoggend het ek gedink ek sou probeer om net 'n gereelde evangelistiese diens te hê, want… Het soort van my gedagte verander nadat ek hier gekom en soveel gesien staan en wat so lank gewag het. En dan, vanaand, miskien minder hier wees, en dan kan ek voortgaan met hierdie, wat ek wil sê.

4 Een ding wat ek graag wil aankondig, terwyl baie van hulle saam is—baie van julle saam, dis iets wat ek weerhou het om vir die laaste paar weke aan te kondig; dit is, julle gebede is beantwoord oor die belastingsaak wat ek met die regering gehad het. Dis afgehandel. En so is ons… Dis nou alles verby. Soos baie van julle verstaan, wat hulle teen my gehad het, was daardie tjeks wat uitgemaak was vir die veldtog; en tog het hulle probeer sê hulle was myne daar buite en wou my driehonderd-en-vyftig-iets-duisend dollar vra vir my persoonlike eiendom. En dit was nie; dit was die veldtog s'n. En die kerk weet daarvan; almal van julle weet daarvan.

5 En uiteindelik het hulle by die punt gekom dat… (Ek sal julle net 'n uiteensetting gee van wat gebeur het.) Hulle was omtrent drie tot vyf jaar (byna vyf jaar, skat ek), in die saak, en heen-en-weer, en karakter, en alles. Maar ek is so dankbaar dat hulle niks teen my kon vind nie, sodat hulle my nie daarvoor kon aankla nie. So, daar was niks om aangekla te word nie, hulle het net gesê, net my onkunde self, skat ek. Maar sonder om veel van die wet te weet, sou hulle vir my die tjeks bring; en ek sou hulle teken, my naam op hulle plaas, hulle in die veldtog plaas. Maar toe, solank ek my naam op hulle geplaas het, was hulle myne. Sien julle? Maak nie saak nie… Het gesê, "Dis baie gaaf vir jou om … soos dit, maar hulle was joune, en dan gee jy hulle vir die kerk. Maar sodra jy jou naam daarop gesit het, was dit joune; maak nie saak waarvoor hulle bestem was nie, hulle is vir jou geskryf." So, en as hulle gesit was … iemand het "persoonlike gawe," daar gesit, sou dit in orde gewees het; maar hulle het net geskryf "William Branham" sien, en toe ek my naam op hulle gesit het, het dit dit gedoen; dit was alles daarvan. So, hulle was… En toe uiteindelik met gebed…

6 En toe nie lank gelede nie, julle weet, het ek die visioen gehad dat 'n groot, donker, rokerige, roetagtige, skubberige (soos 'n krokodil) man na my toe kom beweeg het, met ystervingers. Ek het een klein messie gehad soos dit, en hy het op hom "Verenigde State Regering." En ek kon niks help nie, ek was hulpeloos; en toe het die Here op die toneel gekom en dit was oorwin. En julle onthou ek het julle dit lank gelede vertel.

En hulle het 'n kompromie aangebied nou die dag. En my prokureur, mnr Orbison in New Albany, en Isen Miller in Indianapolis oor die belastingsaak, het my gebel en vir my gesê, "Kom hierheen." En ek het soontoe gegaan, Broer Roberson en ek en my vrou, en die trustees van die kerk hier, en ons almal; ons het afgegaan, en hulle het vir ons gesê dat hulle—die regering gewillig was om te kompromitteer.

7 En ek het gesê, "As ek enigiemand enigiets skuld, sal ek hulle betaal. Ek sal my bes doen. Maar," het ek gesê, "ek skuld dit nie." En so het ek gesê, "Dis eerlik, God weet. En waarom kla hulle my dan nie aan as ek skuldig is nie?" Ek het gesê, "Hulle het vyf jaar gehad om dit te probeer doen, maar hulle kon niks vind om dit mee te doen nie." So, ek het gesê, "Nee, ek sal dit net nie betaal voor dit bewys is dat ek dit skuld nie."

En toe het die prokureur my ingeneem en met my gepraat en gesê, "Nou, ons kan die saak verhoor. Regering sal dit probeer." En gesê, "Wanneer hulle dit doen, die enigste ding wat hulle teen jou kan vind, is dat jy…"

8 Die manier hoe ek dit gedoen het; ek het nie net… Ek weet niks van boeke hou nie, so, ek moes dit

net doen soos ek gedink het eerlik was. En dit was nooit in my naam gebank nie; dit was altyd gebank in die naam van die kerk, veldtog, ensovoorts, sien. So, dit was niks wat ek daaraan kon doen nie.

En hy het gesê, "Wel, hulle is gewillig om te kompromitteer vir vyftien duisend dollar, met tienduisend dollar boete"; en die prokureursgeld was vyftien duisend. Dit het veertigduisend vir my gemaak. En so, dan wil hulle nog vyf hê, dink ek is dit nou, so, ek het gegaan… Ek het gesê, "Waar in die wêreld sou ek ooit veertigduisend dollar kry?" Ek het gesê, "Julle ken my bankrekening hier, dit sê omtrent 'n honderd dollar of miskien minder." Ek het gesê, "Waar sou ek veertig duisend dollar kry?" En ek het gesê, "Ek het niks vir kollateraal nie; ek het dit net nie. Dis al.

9 En hy het gesê, "Mnr. Branham," het hy gesê, "hier is wat dit is: As ons die saak verhoor," het hy gesê, "is daar geen twyfel dat ons die saak kan klop nie." Hy het gesê, "Maar hier's… Ons kan dit klop, want hier is wat ek sal doen. Hulle gaan alles opeis wat joune is, want jy het jou naam daarop geteken. En hulle gaan daarop aanspraak maak dat dit joune is, hoewel dit gebank is in die naam van die veldtog, kerk, Branham veldtog, en in 'n kerk."

En nie een keer kon hulle een sent kry wat ek ooit aan myself spandeer het nie. Dis die waarheid; God weet! Daar sit nou manne reg hier, was reg saam met my die heeltyd. Daar was nie een sent wat ek ooit vir myself gespandeer het nie. Dit was alles vir die koninkryk van God, oral, elke tjek, alles anders.

10 Maar sien julle dit? Maar dit maak nie saak nie. Dit was veronderstel om eers myne te wees en dan die kerk s'n, die veldtog s'n. En hulle het 'n manier om dit te doen, julle weet, alle soorte ontsnaproetes wat hulle kan maak. So, toe het ek gesê, "Wel, ek sal dit net nie doen nie."

En hy het gesê, "Wel, as ons die saak op daardie manier klop, want ek sal daardie persoonlike gawes verklaar [Sien?]. Ek sal dit verklaar, deur die regering, persoonlike gawes." En gesê, "Dan, wanneer ek dit doen, sal alles meer as tienduisend dollar erfenis wees; en dan sal jy weer reguit daarin wees, en hulle sal jou nog vyf jaar hou om hulle almal na te gaan."

11 Sien? Wanneer jy 'n tjek skryf, gaan dit deur die uitklaarhuis; hulle fotostateer, afskrif van daardie tjek. Natuurlik, ek het ook al die tjeks gehad wat dit deurgegaan het.

So, hulle het gesê, "Dis waar hulle jou weer reguit terugkry." En hy het gesê, "Nog 'n ding, mnr Branham, as jy ooit ingeroep word na die regering soos dit, onder 'n ondersoek, maak nie saak wat jy ooit doen nie, in die oë van die publiek is jy 'n skelm." Sien? Maar dis al.

12 Kyk na hierdie klein Baptiste prediker hier in Mississippi. Daardie kêreltjie… 'n Vrou het gesê dat hy ingekom en haar beledig het. En daardie man het getuienis van regoor die land en oral gebring (hy was nie eens in die stad vir dae voor die dag, of dag daarna nie), in so 'n mate dat die regter wou terugdraai en hom die vrou laat dagvaar vir skandaal. Hy het gesê, "Laat haar gaan."

En toe dit op 'n monitortoets regoor die land geplaas is, weet julle wat gebeur het? Vyf-en-sewentig persent van die Amerikaanse mense het gesê, "Waar daar rook is, is daar vuur." En daardie arme kêreltjie (net so onskuldig as wat ek sou wees of enigiemand anders) sal daaronder werk die res van sy dae, toe hy glad niks daarmee te doen gehad het nie.

13 Ek het baie sleg gevoel vir 'n rukkie, om te dink dat ek my lewe tot die koninkryk van God gesit het om te probeer (sien?) mense jou belasting laat betaal, en dinge doen, en doen wat reg is, en skelms regte mense laat word, en moet voorgehou word asof ek self 'n skelm was.

Ek het gedink, "Wat in die wêreld het ek gedoen?" En toe het dit by my opgekom, en ek het in die Bybel gekyk. Elke man in die Bybel, geen uitsonderings, wat ooit 'n geestelike amp gehad het, as Satan hulle nie op sedes of iets kon kry nie, het die regering hulle gevang. Gaan reguit terug na enige plek waar jy wil, die heelpad af—Moses, Daniël, Hebreeuse kinders, Johannes die Doper, Jesus Christus (gesterf deur die regering—doodstraf), Paulus, Petrus, Jakobus die grote, Jakobus die mindere, elke een van hulle het gesterf onder die regering, want dit is so dat elke regering die setel van Satan is. Jesus het gesê, so; die Bybel sê dit, sien.

14 Elke regering word beheer deur die duiwel. Daar kom 'n regering wat deur Christus beheer sal word; maar dis in die millennium. Maar hierdie regerings nou, maak nie saak hoe goed ons dink hulle is nie, tog word die agterkant van hulle gedomineer deur Satan. "Hierdie koninkryke," het hy gesê, "is myne; ek doen met hulle wat ek ook al wil. Ek sal hulle vir Jou gee, as Jy my sal aanbid."

Jesus het gesê, "Gaan weg hiervandaan, Satan! Jy moet die Here aanbid, en Hom alleen moet jy dien."

15 En toe het ek moedeloos geraak (my vrou luister na my); ek het huis toe gegaan en ek het gesê, "Nee, meneer! As ek dit geskuld het, sou ek dit betaal. Ek skuld dit nie en ek gaan dit net nie betaal nie. Dis al." Ek het gesê, "Hoe kan ek dit in elk geval betaal?"

So, ek het huistoe gegaan en ek het gesê, "Meda, was die kinders se gesig, kry hulle klere gereed; ek gaan weg." Ek het gesê, "Hulle sal nie eens… Alles, dis net onderstebo." Ek het gesê, "Wat het ek gedoen? Sê my!" En ek het gesê, "Tog, ek veertigduisend dollar? Sjoe! Jy besef nie wat dit vir my beteken nie!" En sy het ingekom soos 'n gawe vroutjie sou, ek het gesê, "Ek gaan weg!"

Sy het gesê, "Dink jy dit sal enigsins help? Het jy al daaroor gebid?"

16 Ek het gedink, "Wel, miskien moet ek weer bid." Ek gaan terug in. Dit het gelyk asof Hy vir my 'n skrif gesê het. Ons wil altyd die Skrif dophou, wat God daaromtrent gedoen het. Sien julle?

En eendag is dit aan Hom gevra, julle weet, probeer om Hom aan te kla by die regering; hulle het gesê, "Is dit reg vir ons vrye Jode om bydrae of belasting aan Caesar te gee?"

Hy het gesê, "Het jy 'n pennie?" Gesê, "Wie se inskripsie is daarop?"

Gesê, "Caesar s'n."

Gesê, "Dan gee jy Caesar die dinge wat Caesar s'n is, en aan God die dinge wat God s'n is."

17 En ek het daaraan gedink; ek het in die Bybel omgeblaai en dit gelees. Ek het gedink, "Waarlik, Here, dis reg! Maar dit behoort nie aan Caesar nie; dit was U s'n, dit was nie Caesar s'n nie. As dit myne was, en ek moes meer belasting betaal of iets, wel, was dit anders. Dit het aan Caesar behoort, maar dit is U s'n. [Sien?] En dit het in die eerste plek nie aan Caesar behoort nie."

Julle weet, Hy het altyd die antwoord in die Woord. Ek het net 'n bietjie verder gelees, en Hy het gesê, "Sê, Simon, het jy nie 'n vishoek in jou sak nie? [Sien?] Jy dra altyd 'n klein vishoekie en 'n tou. En ek het net 'n deposito gemaak vanmôre in 'n visbank daar by die rivier, julle weet." Gesê, "Ek het 'n deposito gemaak, en die bankier sal beslis opgee wat Hy het. Gaan net daarheen en gooi die hoek in die rivier; en wanneer jy by die oewer kom, maak sy mond oop (sien jy?), en hy sal die muntstuk uitgee. Laat ons hulle nie aanstoot gee nie. Moenie hulle aanstoot gee nie. [Sien.] Gaan betaal dit, Simon; dit sal vir My en julle wees."

Ek het gedink, "Waar, God, U het visbanke en alles anders regoor die land. Ek weet nie hoe dit gedoen sou word nie."

18 Maar ons het afgegaan; ek het die broers net hier in die kerk, wat op my nota gestaan het. En ek het 'n nota ingesit, en die veertigduisend dollar gekry, en dit afbetaal. Ek het huis toe gegaan; ek wou weet hoe ek daardie tjek geskryf het of hulle ooit weer op my sou terugkom. Ek het gesê, "Dit is om te sê dat ek vry is van alle belastings." Wie ook al daardie een onderskryf, gaan sekerlik in 'n gemors wees daarna.

Ek het aangehou om die bank terug te bel om te sien of hulle dit sou doen, en uiteindelik het Bob my vertel; hy het gesê, "Billy hulle het dit gedoen."

En ek het ingegaan en my arm om die vrou gesit; ek het gesê, "Skat, ek's vry!"

Wat 'n gevoel om vry te wees. En so kan ek dit nou terugbetaal (hulle het dit baie maklik vir my gemaak), ek kan dit terugbetaal teen vierduisend dollar per jaar. Nou, ek kan nie meer leeglê nie, mense; ek moet uitkom en werk toe gaan. So, dit sal my tien jaar neem om dit terug te betaal—as Jesus nie kom nie. En wanneer Hy dit doen, word al die skuld dan in elk geval vereffen, sien. So, ek hoop dat julle almal … julle gebede (en vanaand sal ek voortgaan met iets net 'n bietjie daarby), maar julle gebede is wat my gehelp het. Baie dankie. God seën julle. Maak nie saak waar ons ooit is nie, ek sal dit nooit vergeet nie.

19 Vanaand, as die Here wil, wil ek party van die feite stel wat ek ken, en wees seker om te kom. Onthou nou, "Menere, Watter Tyd Is Dit?"

Nou, ons gaan… Ek glo hulle het 'n volledige skedule vir die res van hierdie week—en Maandagaand is die … dienste vandag, en vanaand, en Maandag. Maandagaand is die waakdiens. En dan, dit gee julle Dinsdag, Oujaarsdag, as julle uitstedig is, kan teruggaan huis toe. En ons sal nou 'n paar goeie predikers hier hê vir daardie byeenkoms, 'n groot groep goeie sprekers. En almal sal met tussenposes praat tot middernag; en somtyds neem hulle Nagmaal (as dit in lyn is, ek weet nie of hulle hierdie keer gaan of nie) reg as… Waar hulle skree en jil, en skiet, en drink, en tekere gaan, neem ons die Nagmaal (Amen!), begin die Nuwejaar reg met die Nagmaal.

20 Nou, julle is almal uitgenooi, en ek hoop dat julle… God van die hemele sal julle 'n geleentheid gee om oor te bly as julle kan.

Nou, voor ons die Woord nader, wil ek dit ook sê, dat ek beslis hierdie kerk, sy lidmate, bedank vir hierdie goeie pak klere wat julle vir my gekoop het. Baie dankie. Dit is soveel vir my: al julle kaarte en dinge deur die Kersseisoen, en geskenke wat julle aan die familie gestuur het; en o, hulle was ontelbaar

vir my, en kolletjies wat nie die kolletjie in my hart kan aanraak nie. Niks kon dit so doen nie, om te weet dat dit van julle af kom.

En so, sommige van hulle het vir my party van hulle Kersgeskenke in geld gestuur, en party van hulle het… Soos, een broer het vir my 'n sakboekie gestuur wat hy gemaak het met my naam daarop; en 'n pennetjie waardeur jy kyk, en dit het die Here se gebed daarin; en o, sulke dinge, waardeer ons net. Ek en die vrou en die kinders wil julle baie dankie sê. Dis so klein, maar ek sal dit sê (hierdie is die grootste woord wat ek dink wat enigiemand kan sê): "God seën julle." Daar is niks wat groter kan wees nie.

21 Nou, en aan hierdie broers hier by die kerk wat vir my daardie geweer gekoop het, ek het my pak gedra, maar ek kon nie die geweer kerk toe bring nie. Dit was… Hulle sou dan regtig iets teen my gehad het, sou hulle nie? So, ek dank julle beslis, my broers. En ek sou hulle name lees op 'n klein… Maar een van die broers was gister daar; het gesê, "O, moet my nie bedank nie, Broer Branham, dit sal net al die vreugde daaruit neem," sien.

So, ek het gedink, "Miskien mag die res van hulle dieselfde ding dink." Maar ek het jou naam gekry; hulle het dit uitgetik. Ek sal dit altyd onthou, en die Here seën jou grootliks.

En julle weet waar ek ontspan, en gaan net in daardie jagkamer, en sit daar, en herleef alles weer oor. Wanneer ek so opgewonde raak, kan ek nie verder gaan nie, dink dan aan een of ander jagtog wat ek iewers onderneem het, of iewers gaan visvang het. Ek waardeer dit. God seën julle.

22 Nou, kan ons ons hoofde buig net 'n oomblik soos ons die Woord nader! Ek is seker daar is versoeke hierbinne vanmôre teveel om reg nou te tel, so, ek wonder, terwyl ons ons hoofde gebuig het, jou spesiale versoek, as jy dit net op jou hart sal hou, en net jou hande opsteek, en sê, "God, U weet waaraan ek nou dink."

23 Here Jesus, U sien elke hand; en U weet wat daaragter is. Onder daardie hand lê 'n versoek. En ons kom nou eerbiediglik op na die troon van die lewende God, daardie groot wit pêrel wat oor die tydsbestek strek, waar Jehova God daarin sit, en die bloed van Christus wat op die altaar lê. En ons praat oor daardie bloed deur Hom wat gesê het, "Vra die Vader enigiets in My naam; dit sal toegestaan word." Sal U nie hoor, God, vanmôre en hulle versoeke beantwoord nie? Ek lê my gebed by hulle s'n vandag dat U dit sal skenk.

Hier lê sakdoeke hier, Here, die siekes en beproefdes… En ons word geleer in die Bybel dat hulle van Paulus sakdoeke en voorskote geneem het; en hulle is op die siekes geplaas, en onrein geeste het uit hulle uitgegaan, en siektes het weggegaan. En Vader, soos ons al lankal weet, en ons weet sekerlik, dat ons nie Paulus is nie; maar per slot van sake, ons voel dat dit nie Paulus was nie, dit was die Christus wat in hom was. En U is dieselfde gister, vandag, en vir ewig volgens die Skrif.

24 Nou, hierdie mense, Here, glo dat as ons God vra, en hierdie sakdoeke neem en hulle op hulle siekes lê, dat hulle sal herstel. Ek bid dat dit so sal wees, Here. Wanneer hierdie sakdoeke op die siekes geplaas word… Soos dit gesê is, eenkeer toe Israel in die lyn van plig na die beloofde land gegaan het, en die Skelfsee hulle afgesny het reg in die pad van plig; maar God het afgekyk deur daardie vuurkolom met kwaai oë; en daardie see het bang geword, en dit het sy golwe teruggerol, sy waters; en Israel het deurgegaan op droë grond na die beloofde land.

Nou, Here, kyk vandag deur die bloed van Jesus. En U sien hierdie daad van geloof wat ons vanmôre hier doen; en mag Satan bang word en wegbeweeg. En mag elkeen van hierdie pelgrims wat teenwoordig is, en elkeen waarop hierdie sakdoeke sal lê, mag die pad oopgemaak word, die siekte wegbeweeg; en mag hulle voortreis na die beloofde land, gelei deur die Heilige Gees, die vuurkolom. Skenk dit, Here.

Nou, seën die dienste, die woorde, die konteks, die lees; en mag die Heilige Gees die Woord vanmôre neem en dit saggies aan elkeen van ons verdeel, Here, soos ons naby aan een of ander groot, geweldige iets groei, wat ons nie weet wat nie. Ons harte is vreemd beweeg, Here, en ons bid nou soos ons U en U Woord eerbiedig nader dat U vir ons die betekenis daarvan sal interpreteer. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

25 Nou vanaand, moenie vergeet nie "Die Tyd, Watter Tyd Is Dit?"

En nou, vanmôre wil ek blaai (julle wat julle Bybels het of dit merk, as julle omgee om)—in die Skrifte, waaruit ons vir 'n paar oomblikke wil praat, gevind in die boek Handelinge. Ons mag twee of drie plekke lees: Handelinge 26:15 eerste, Handelinge die 25ste hoofstuk en die 15de vers, om te begin. Dan wil ons Handelinge 23:11 lees; en julle kan hierby voeg (as julle wil, sal ek waarskynlik nie tyd hê om dit te lees nie) Filippense 1:20. Dis alles omtrent dieselfde trant, dieselfde woorde.

26 Nou, in die boek van Handelinge 26:15, lees dit soos volg:

*Toe sê ek: Wie is U, Here? En Hy sê: Ek is Jesus wat jy vervolg.*

*Maar rig jou op en staan op jou voete, want hiertoe het Ek aan jou verskyn om jou te bestem tot 'n dienaar en getuie van die dinge wat jy gesien het en van die dinge waarin Ek nog aan jou sal verskyn,*

*terwyl Ek jou verlos uit die volk en die heidene na wie Ek jou nou stuur,*

*om hulle oë te open, dat hulle hul van die duisternis tot die lig kan bekeer en van die mag van die Satan tot God, sodat hulle deur die geloof in My vergifnis van sondes en 'n erfdeel onder die geheiligdes kan ontvang.*

*Daarom, koning Agríppa, was ek aan die hemelse gesig nie ongehoorsaam nie,*

*maar ek het eers aan die mense in Damaskus en in Jerusalem en in die hele land van Judéa en aan die heidene verkondig dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God bekeer deur werke te doen wat by die bekering pas.*

In Handelinge 23 en die 11de vers weer:

*En die volgende nag het die Here by hom gestaan en gesê: Hou goeie moed, Paulus, want soos jy aangaande My in Jerusalem kragtig getuig het, so moet jy in Rome ook getuig.*

Mag God Sy heilige seëninge voeg by die lees van hierdie genadigste, heilige Woord wat ons voor ons het.

27 Nou, ek het 'n man hoor praat … of onderrig nie lank gelede nie, en hy het die woord "absoluut" gebruik. En ek het gedink, "Dis 'n baie goeie woord; ek het gehoor dit word soveel keer gebruik." "Absoluut." Dis…

Ek het opgekyk in die woordeboek, Webster s'n. Volgens Webster s'n, is dit "volmaak op sigself; onbeperk in sy krag; hoofsaaklik, 'n uiterste." En 'n uiterste is die "amen"; dis al. 'n "Absoluut," dis "die onbeperkte in krag," die woord "absoluut." Dis perfek op sigself. Dis al daarvan; dit handel dit af. En ek het gedink, "Dis 'n glorieryke ding; dis 'n wonderlike woord."

En nou, 'n woord is 'n gedagte uitgedruk. Eerstens moet dit 'n gedagte wees, en dan word dit 'n woord; omdat jy nie jou woorde spreek sonder gedagte nie.

28 Wanneer ons in tale praat, het ons geen gedagte nie; dis God wat die gedagtes neem; dis God se gedagte wat ons lippe gebruik. Ons dink nie of weet nie wat jy sê wanneer jy in tale praat, as dit geïnspireerd is om te praat nie. Wanneer jy interpreteer, weet jy nie wat jy sê nie; jy sê dit net, dis al, sien. Dis God. En profeteer, jy gebruik nie jou eie gedagtes nie; dis God, want jy sê dinge waaraan jy gewoonlik nie sou dink om te sê nie, sien.

29 Maar die woord "absoluut" is 'n uiterste; en daarom dink ek dat almal 'n uiterste behoort te hê. En elke groot prestasie wat ooit behaal is, was daar 'n absoluut daaragter. Maak nie saak wat dit was nie, dit het 'n absoluut daaragter gehad. En elke persoon ten einde iets te bereik, moet eers die absoluut hê. En dis die finale wind terug hierdeur, daardie, terug deur die ander, totdat jy kom by daardie absoluut, of die "amen," of die uiterste van wat jy is… Jy het iets waaraan jy moet bind, met ander woorde. Dis die finale ankerpunt vir elke prestasie. Dis êrens; dit mag deur baie verskillende dinge kronkel, totdat dit by daardie ankerpaal kom; maar daar is die "amen" op dit alles. Daar moet soiets wees. Jy kan nie deur die lewe gaan sonder om een te hê nie.

30 Toe jy getrou het, moes daar iets deur jou gedagtes terugkeer totdat jy daardie ankerpaal tref. En dit moes liefde vir jou vrou of jou man gewees het. Wel, miskien is sy nie so mooi soos Johannes se vrou nie; of sy's nie *dit*, *dat* … maar daar's iets aan haar wat jou tref. Jy sê, "Sy mag nie so mooi soos die ander wees nie," of, "Hy mag nie so aantreklik wees soos die ander nie"; maar daar moet 'n absoluut daar wees dat daardie persoon anders is. En dis waaraan jy vashou. As dit nie daar is nie, moet jy liewer nie trou nie, daardie ankerpaal, daardie absoluut.

31 Ons kan dink aan baie wat absoluut in die Bybel gehad het. O, hoe sou ons kon afneem deur die stroom van daardie Bybel, en net hier wees twee weke van nou af, en nooit eens die oppervlak aanraak nie, as ons sou dink aan die absoluut in die Bybel. Byvoorbeeld, laat ek net een of twee noem, net kortliks.

Kyk na Job. Nou, hy het 'n absoluut gehad. Alles het verkeerd gegaan vir daardie man, 'n regverdige man. Nou, ons sou nie durf sê dat hy nie regverdig was nie, omdat God gesê het hy was. Daar was niemand op aarde soos Job nie. Hy was volmaak in die oë van God; en hy het dit geweet, omdat hy 'n uiterste gehad het; hy het 'n absoluut gehad.

32 Toe alles skynbaar teenstrydig was, siekte uitgebreek het, kon sy vriende gesê het, "Nou, daar is jy, Job, dit bewys dat jy sondig; jy's verkeerd." En toe het die biskoppe afgekom (hulle het hulle Job se troosters genoem), en in plaas van hom te vertroos, het hulle niks anders as sonde in sy lewe gesien

nie; omdat God met hom gehandel het soos Hy het.

En sy kinders is doodgemaak; sy eiendom is verbrand; sy alles het verkeerd gegaan, en selfs sy eie lewe in gevaar, sit op 'n ashoop, het van die kroon van sy kop tot die voetsole met swere uitgebreek. En selfs sy lieflike, soet metgesel, die moeder van daardie kinders, het gesê, "Jy moet God vervloek en die dood sterf." Maar in die aangesig van dit alles, het Job 'n absoluut gehad!

33 O, in die tyd van siekte as ons net onsself kon verbind met daardie absoluut. Job het geweet dat hy Jehova se opdrag gedoen het, en hy het geloof gehad in wat hy gedoen het, omdat Jehova dit vereis het. As ons dit net kan doen! Jehova het 'n brandoffer vir sy sonde vereis. En Job, nie net vir homself nie, maar vir sy kinders, het 'n brandoffer gemaak, en dis al wat God vereis het.

O, jy mag sê, "Ek wens dis al wat Hy vandag vereis het."

Dis minder as dit, net geloof in Sy Woord. As jy Sy Woord jou absoluut maak, kan jy … enige goddelike belofte in die Bybel, kan jy jou siel daaraan bind. Maak nie saak hoeveel die golwe jou rondstoot nie, jy is steeds vasgebind. Jou absoluut.

34 En hy het daaraan vasgehou, en toe sy vertroosters gesê het, "Jy het gesondig," het hy geweet hy het nie. Hy was regverdig, omdat hy Jehova se opdrag nagekom het. En toe sy… Die man het ingekom en gesê, "Jou kinders is dood"; 'n ander een het ingekom, gesê, "Jou kamele is almal verbrand, en daar het vuur uit die hemel neergedaal…"

Kyk watter argument het sy ontnugteraars gehad, "Sien jy? Die vuur het uit die hemel gekom. Nou, Job, dit bewys…"

"Dit bewys niks!"

"Nou, Hy sou nie jou kinders getref het nie, Job; jy's 'n regverdige man."

Maar Job het gesê, "Ek weet dat ek gedoen het wat reg is." Hy het steeds vasgehou; hy het iets gehad wat hy kon afdryf. Dis dit. Hy het dit aanvaar; hy het presies gedoen wat God hom gesê het om te doen; en hy was absoluut seker. Goed!

35 Dan, toe hy by die punt gekom het toe daardie absoluut gehou het, toe het hy uiteindelik die tou begin stywer trek wat losgeloop het, rondgebons het. Maar dit het begin toeneem, en die Gees het op hom gekom; en hy het opgestaan, wat 'n profeet was, en hy het gesê, "Ek weet my Verlosser lewe!" Amen! Sien? Hy het versterk tot sy absoluut; hy sou in aanraking kom. Hy het geweet dat hy gedoen het wat reg was, en eendag moes hy daarby trek. "Ek weet my Verlosser lewe, en in die laaste dae staan Hy op hierdie aarde. Al sou die velwurms hierdie liggaam vernietig, tog sal ek God in my vlees sien." Hy het toe geweet; toe het sy absoluut geanker.

36 Abraham, 'n absoluut, kom van Babilon af, van die toring af en uit in die Sinar, en daar buite waar hy by sy vader vertoef het, en miskien 'n boer was. Maar eendag, ver agter in die oerwoude iewers miskien bessies gepluk, of 'n dier gaan doodmaak vir sy vleis, en iewers daar agter, het God met hom gepraat toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was.

En hy en sy vrou, Sara, met haar vyf-en-sestig, was kinderloos, hulle het geen kinders gehad nie. Toe het God vir hom gesê, "Jy gaan 'n kind by Sara hê, maar om dit te doen, moet jy jouself afsonder."

37 God se beloftes is altyd op voorwaarde. Jy moet absoluut… Maak nie saak hoe fundamenteel jy is met die belofte nie, dis altyd onder voorwaardes. Hoe ons hier kon stop en deur daardie Skrif vleg, heen-en-weer vir ure (sien?), dat die toestand is wat iets beteken. Jy kan net so fundamenteel wees as wat jy wil, maar dis onder toestande deur die belofte, voorbestemming, ensovoorts.

38 Let op! Nou Abraham, hy het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken. Nou, wat 'n verskriklike ding sou dit wees om 'n beskaafde wêreld te ontmoet, 'n man vyf-en-sewentig jaar oud met 'n vrou vyf-en-sestig (en het saam gewoon sedert hulle 'n jong paartjie was, want sy was sy halfsuster) en gaan nou 'n baba by haar hê. Maar hy het 'n absoluut gehad. Daar was niks wat hom sou beweeg nie.

En toe, die eerste maand wat dit nie gebeur het nie, het sy absoluut gehou, want hy het geweet hy het met God gepraat. Die tweede maand, tweede jaar, tien jaar, en vyf-en-twintig jaar later, toe hy honderd was en Sara negentig was, het sy absoluut steeds gehou.

39 En die Bybel het gesê, toe sy doodsberig geskryf is, het hy gesê, "Abraham het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, het God geprys." Hoekom? Het julle ooit gedink hoekom? Hy was absoluut positief, en die enigste ding wat hy moes doen, was om homself van sy mense af te sonder. En God het hom nooit geseën totdat hy dit gedoen het nie. Hy het sy pappa gevat; die pappa het gesterf. Hy het Lot geneem; en nadat Lot van Abraham geskei het, toe het God na hom

gekom, gesê, "Loop nou deur die land." Gehoorsaamheid, belofte onder voorwaardes, gaan altyd saam met God, en Sy Woord.

40 Nou, kyk na… Laat ons Moses neem. Moses, die vlugtende dienskneg-profeet, dat God hom opgerig en hom geleer het in Farao se paleis, en Moses het uitgegaan met sy teologiese opleiding en die eerste man het hy doodgemaak. Toe het die eerste klein defek gekom, toe was Moses doodbang. Hoekom? Hy het geen absoluut gehad nie; hy het net sy moeder se getuienis van sy geboorte gehad.

Hy was 'n vreemde kind; hy het sy moeder se woord daaroor gehad. Hy het die boekrolle gehad wat God gehad het (miskien in papier iewers wat hulle geskryf het, saam met hulle ingepak)—dat God Sy kinders sou besoek. Hy het geweet dat dit die tyd was, soos ons nou doen. Ons weet iets maak gereed om te gebeur.

41 Nou, Moses het geweet dit was die tyd, en hy het geweet dat hy daarvoor gekies is; maar hy het nie 'n absoluut gehad nie, sien. En eendag aan die agterkant van die woestyn, toe hy die visioen verloor het, het God aan hom verskyn in 'n brandende bos en gesê, "Moses, Ek het die beproewinge van My volk gesien; Ek het hulle gekerm en gehuil gehoor oor daardie taakmeesters wat hulle straf; en Ek het My belofte onthou. Ek het afgekom om hulle te verlos; gaan nou af na Egipte." O, goeiste!

Moses het gekla, gesê, "Ek praat nie baie goed nie; my spreektrant is nie baie goed nie; hulle sal my nie glo nie!"

Hy het gesê, "Wat is in jou hand?"

Hy het gesê, "'n Staf!"

Hy het gesê, "Gooi dit neer!" Dit het in 'n slang verander. Gesê, "Tel dit op aan die stert!" Dit het weer terug verander na 'n staf. Hy het hom die versekering gegee, 'n bevestiging. Wanneer God 'n absoluut gee, gee Hy 'n bevestiging aan daardie absoluut, altyd.

42 Toe, Moses, toe hy daar was en hy sy staf neergegooi het voor die towenaars en Farao (en die towenaars het gekom en hulle staf ook neergegooi), het Moses nooit gehardloop en gesê, "O wel, ek was verkeerd, dit was net 'n goedkoop towenaarstoertjie en miskien was ek verkeerd." nie. Maar hy het geweet; hy was positief dat hy God ontmoet het; en hy het stilgestaan. Die volgende ding wat hy gedoen het, presies wat God hom gesê het om te doen; so het Job gedoen presies wat God vir hom gesê het om te doen; Moses het Sy gebooie gevolg. Staan dan stil en hou die heerlikheid van God dop!

Moses was verbind aan sy absoluut, sy opdrag, en hy het stilgestaan. En toe hy het, het sy slang die res van die slange ingesluk, sien. Hy was verbind aan daardie absoluut. God het gesê, "Wanneer jy daardie kinders verlos, sal jy My weer aanbid op hierdie berg."

43 En hoe die vyand op elke manier wat hy kan sal probeer om jou weg te kry van daardie absoluut. Net soos hulle uit Egipte begin het, het hulle reguit in die nek van die Skelfsee—berge aan weerskante gekom. Kom op deur 'n vallei en daar's die Skelfsee—geen manier om oor die heuwels te ontsnap nie, geen manier om hierdie kant toe te ontsnap nie, en Farao se leër kom hierlangs. Watter plek om te staan! Sien hoe die duiwel jou in 'n plek kry waar jy nie weet wat om te doen nie? Maar onthou, as jy gebind is aan daardie absoluut, het dit dit. Moses het geweet dat God hom belowe het dat "Jy sal aanbid op hierdie berg wanneer jy hulle uitbring. En Ek het met jou hand afgekom om hulle te verlos en hulle daar in daardie ander land te plaas." Hy het reg daarby gebly, en God het 'n oostewind gestuur en die waters uitgewaai uit die bodem van die see, en hulle het oorgestap op droë grond. 'n Absoluut!

44 Hoe ons deur die Skrifte kon gaan: Daniël, sy absoluut; Sadrag, Mesag, en Abednego, hulle absoluut; Dawid, sy absoluut. Almal—absoluut!

Paulus het ook een gehad, die een waarvan ons lees. Hy het 'n Christus-gesentreerde oproep gehad, en dit was sy absoluut. Dis waarom hy nie bang was vir wat Agrippa sou sê nie. staan daar (en Agrippa was 'n Jood, soos ons weet)—en so, toe hy voor hierdie konings en dinge gestaan het, het God alreeds vir hom gesê hy sou daar staan. So, hy het 'n absoluut gehad, so, hy het presies die hemelse visioen vertel. Hy het gesê, "Ek is nie 'n… Ek was nie oneervol daaraan nie. Ek het dit nie verkeerd geoordeel nie; ek het myself nie verkeerd gedra nie." Maar hy het vasgehou en was nie ongehoorsaam nie; hy het dit uitgevoer tot die minuut, want dit was absoluut. En enige Christus-gesentreerde lewe, dis jou absoluut.

45 Nou, vandat Hy Hom van aangesig tot aangesig ontmoet het op die pad na Damaskus, het dit soveel vir Paulus beteken. Onthou nou, hy was vooraf 'n geleerde; hy was 'n magtige man in die Skrifte, maar hy het nie enige ankerpaal gehad behalwe die Sanhedrin wat hom sou ondersteun nie, en 'n diploma van 'n groot leermeester. Hy was 'n groot man in sy veld, maar hy het gewaai. Enigste ding wat hy gehad het, sy absoluut sou net so sterk wees as wat sy organisasie was; dis al hoe sterker dit kan wees. En hy het getrou daaraan gewerk, en het Christene gevat en hulle gebind, en verwoesting van hulle

gemaak, en selfs Stéfanus gestenig.

46 Ek dink later in sy lewe, die rede waarom hy na Jerusalem gegaan het, toe die profeet vir hom gesê het, "Moenie daarheen gaan nie, Paulus, want kettings en tronk wag vir jou."

En Paulus het gesê, "Ek weet dit; maar ek gaan nie net na Jerusalem as 'n getuie nie, maar ek gaan daarheen; ek is gereed om vir Jesus Christus te sterf," want hy het geweet wat hy gedoen het, en sy ambisie was om sy getuienis te verseël met sy eie bloed—'n martelaar te sterf, omdat hy een van God se martelare doodgemaak het.

En nou, hy was op sy pad af na Damaskus met al sy geleerdheid (gesit onder daardie groot leraar, Gamaliël, en hoedat hy geleer is in die hele Joodse godsdiens) en tog met dit alles, was hy swak, en hy het nie die vermoë gehad om sekere dinge te doen nie. En ewe skielik was daar 'n lig en 'n gedreun, en miskien 'n donderslag, en hy is geslaan en het op die grond geval. En toe hy opkyk, was daar 'n lig wat sy oë verblind het. En wat 'n vreemde ding was dit nie!

47 Niemand anders het die lig gesien nie, net Saul. Dit was so werklik vir hom, totdat dit sy oë verblind het; hy kon nie sien nie, totaal blind met daardie vuurkolom wat reg in die gesig gevlam het. En hy het 'n stem hoor sê, "Saul, Saul, waarom vervolg jy My?"

Hy het gesê, "Here, Wie is U?"

Hy het gesê, "Ek is Jesus; en dis moeilik vir jou om teen hierdie prikkels te skop. Staan nou op en gaan na Damaskus; en daar sal een na jou gestuur word."

Toe, toe hy daar opgestaan het (en daar was een, 'n profeet, daar in die stad wat in 'n visioen gesien het terwyl hy gebid het, en hy het gekom), het Ananías gekom en ingekom na Saul, sy hande op hom gelê, en hy is genees deur goddelike genesing. Hy het opgestaan en is gedoop, sy sondes weggewas, die Naam van die Here aangeroep; en toe het hy 'n absoluut gehad. Hy was nooit dieselfde daarna nie. Hy het reguit van kerk na kerk gegaan, van plek tot plek, probeer om dit op te bou wat hy probeer afbreek het.

48 Hoe die nasie, hoe die Christenwêreld vanmôre daardie tipe absoluut nodig het. Hulle wat deur geloofsbelydenisse en tradisies probeer het om ... met doktrine van die mens, om God se Woord te diskwalifiseer om dieselfde te wees gister, vandag, en vir ewig. Hulle het 'n absoluut nodig, 'n ondervinding van ontmoeting op 'n Damaskus pad, die lewende God wat die siekes kan genees, en die dooies opwek, en duiwels uitdryf—'n ware absoluut.

Paulus het geweet dat iets gebeur het; daar was niemand wat dit van hom kon wegneem nie. Niks anders het saak gemaak nie; hy was vasgebind, en dit was dit. Maak nie saak wat kom nie, hy het geweet hy was gebonde—Christus-gesentreerde lewe! O, die lewe wat hy gelei het, was 'n ander lewe.

49 Onthou nou, hy was 'n godsdienstige man. En aan sommige van julle mense vanmôre (en ek weet julle besef dat hierdie band gemaak word, sal speel in elke nasie onder die hemele, ongeveer, om die wêreld); en sommige van julle mense wat hier is, teenwoordig; en sommige van julle daar waar die bande gespeel sal word in die ander nasies deur 'n interpreteerder (gee dit aan die stamme van Afrika, terug in die Hottentotte, en rondom); en aan julle godsdienstige leiers wat pas die Bybel geleer het (julle het dit vanuit 'n historiese oogpunt en mag in staat wees om al hierdie dinge te verduidelik); maar, as jy nie 'n absoluut het nie, nie 'n ondervinding het nie (en as daardie ondervinding wat jy beweer jy het, jou laat ontken dat elke woord hiervan nie net so getrou is aan die kerk vandag as wat dit ooit was nie), en jy vertrou op jou Baccalaureus Artium-graad, of wat jy ook al mag hê. As jy vertrou op die gedagtes van jou organisasie (dit sou sê, "Die dae van wonderwerke is verby; en ons het geen goddelike genesing nie; en die doop van die Heilige Gees soos hulle ontvang het op die Pinksterdag is nie vir die mense vandag nie"); as dit al is wat jy het, my kosbare broer, suster, het jy 'n Damaskus padervaring nodig!

Jy moet hierdie lewende God ontmoet waar jy … nie net 'n mitiese gedagte in jou gemoed nie, nie een of ander siddering, of een of ander soort sensasie nie, maar 'n geleerde en ondervinding van 'n ware egte…

50 Dieselfde Jesus wat in Galiléa gewandel het, lewe vandag en lewe vir ewig, en Hy's dieselfde gister, vandag, en vir ewig—'n absoluut, dat jy nie hoef te neem wat enigiemand gesê het nie, jy weet vir jouself, nie een of ander sensasie nie.

En as die sensasie wat jy gehad het, en iemand (dit mag 'n ware Bybelsensasie gewees het)—en iemand het probeer om dit weg te verduidelik van jou af, gesê daardie dinge was in 'n ander dag, wees versigtig! Dit is waar, wees versigtig! Maar daar is 'n manier om te weet. Toets dit met die Woord; dis die bloudruk!

As die huis teenstrydig met die bloudruk opgaan, sal die kontrakteur dit afbreek en dit herbou. Maar

dit moet na die bloudruk gaan.

51 Maak nie saak wat jou ondervinding dan is nie; as iets in jou vir jou sê dat daardie Bybel nie waar is nie, daardie krag van God, apostels, profete, en leraars, en pastore, en die gawes van die Gees is net nie dieselfde as wat dit was toe dit deur daardie apostels gevloei het by Pinkster nie, is daar iets verkeerd met jou absoluut. Dit moet aansluit by 'n denominasionele geloofsbelydenis, in plaas van aan God se Bybel, wanneer Hy gesê het, "Beide hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nooit faal nie."

Kyk wat jou absoluut is. Jy mag absoluut seker wees dat jy in goeie gemeenskap met die pastoor is; en mag absoluut seker wees dat jy in gemeenskap is met die distrikspresident; en mag absoluut seker wees dat jy in gemeenskap is met die biskop, of 'n ander groot man in jou kerk; maar as jy nie … jou absoluut nie Jesus Christus is nie… "Want op hierdie rots sal Ek My absoluut plaas, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie"—geestelike openbaring van wie Hy is en wetende. Goed.

52 O, nou, wanneer jy soos Paulus word, het dieselfde absoluut as wat hy gehad het… 'n Christus-gesentreerde lewe is 'n ander lewe as wat jy eens gehad het; en dit mag 'n baie godsdienstige lewe wees wat jy lei.

O, ek het mense hoor sê, "Nou, hulle is baie godsdienstig." Dit het nie een ding daarmee te doen nie! Ek het pas baie godsdienste gesien, baie vroom, baie keer meer opreg as wat die Christen mense van vandag bely.

53 Wanneer 'n moeder haar vet, swart babatjie kan neem (omtrent so lank) en dit in die mond van 'n krokodil gooi, vir die liefde van haar god, wonder ek hoe opreg Christelikheid is. Wanneer 'n man homself op so 'n manier kan beproef, 'n duisend hake deur sy vlees sou sit, soos dit (hang met balle water, wat hom afhou soos dit), en loop deur 'n vuurstrook, van hier tot die einde van daardie tabernakel (heen-en-weer, en dit witwarm, aangeblaas soos dit), vir die offer van sy god ('n afgod daar met robyn oë daarin, ensovoorts), wonder ek waar Christendom is. So, moenie opregtheid dink nie; opregtheid is nie dit nie. Opregtheid is goed as dit op die regte ding geplaas word.

54 Soos 'n dokter wat medisyne gee, hy mag jou arseen gee, opreg; en hy mag jou swaelsuur gee, opreg; jy mag jou voorskrif verkeerd gevul hê, en jy mag dit in opregtheid neem, maar dit red nie jou lewe nie, sien. Nee, meneer! Jy moet weet wat jy doen. En enigiets teenstrydig met God se Woord, ek gee nie om wat dit is en hoe lank dit bestaan nie, dis steeds verkeerd.

55 Petrus het hulle 'n ewige voorskrif gegee op die Pinksterdag. Hy het gesê, "Bekeer elkeen van julle, en word gedoop in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang; want hierdie voorskrif is aan julle, en aan julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here ons God sal roep." Dis reg! Dis 'n ewige voorskrif.

Nou, een of ander kwak-apteker kan dit beetkry en jou doodmaak, sien. Sekerlik! Julle weet, daar's soveel gif in 'n voorskrif om die kiem te vergiftig, en die dokter weet net hoeveel jou liggaam kan verduur. As hy teveel vergiftig het, sou dit jou doodmaak. En as jy nie genoeg daarvan het nie, wat sou dit dan doen? Dit sal jou niks help om die medisyne te neem nie. Hy weet wat jou liggaam kan staan.

Nou, en dis hoe die voorskrif van God is. Maak nie saak hoeveel iemand anders sê dit moet op hierdie of daardie manier gedoen word nie, jy moet dit nie glo nie. Wanneer jy die Woord volg presies tot op die letter, is dit dit. Dis reg. Hou vas daaraan.

56 Nou, ons het diegene wat sê jy moet besprinkel word. Hulle het diegene wat sê jy moet die titels van Vader, Seun, en Heilige Gees gebruik; daar's nie sulke dinge in die Bybel nie, nie so 'n plek waar iemand ooit gedoop is in die Bybel op enige ander manier behalwe die Naam van Jesus Christus nie. Dis 'n dogma wat bygevoeg is in die Rooms Katolieke kerk en oorgedra is deur tradisies. (Ons sal dit vanaand tref.)

57 Maar let op, dan te midde van dit alles, bly die voorskrif. Dis waarom ons soveel siek kinders het, want hulle luister nie na wat die dokter gesê het nie. Die absoluut, wanneer jy daaraan gekoppel is, is dit dit; dis God se Woord; dit kan nie faal nie. Christus-gesentreerde lewe, baie godsdienstig, maar dit was nie Christus-gesentreerd nie; soveel van ons het dit vandag.

En wanneer jy hierdie Christus-gesentreerde lewe kry, laat dit jou dinge doen wat jy gewoonlik nie sou doen nie. Dit laat jou anders optree as wat jy gewoonlik sou optree. Ek bedoel nie dom optree nie; ek bedoel handel in die Gees, iets wat werklik is, iets wat eg is. En wanneer jy iemand dom sien optree, weet jy hulle sit net iets aan. Hulle probeer net naboots waar daardie egte ding is.

Wanneer jy 'n vals dollar sien, onthou daar's 'n goeie dollar waarvan dit gemaak is, sien. Wanneer jy 'n valsheid sien, is dit absoluut 'n skaduwee van iets wat werklik is; dis iets wat eg is waarvandaan dit gekopieer word.

58 Let op, dit laat jou dinge doen wat jy gewoonlik nie sou doen nie. O, dit is iets… Jy is seker, jy is baie seker daarvan wanneer jy hierdie absoluut kry; jy's positief daaroor. Jy neem nie wat—iemand anders se ondervinding nie. Dis waarom Christendom soos klein kindertjies in die Bybel geword het en nie (verskoon my)—klein kindertjies in die skool. Hulle probeer een van die ander afskryf; en as daardie kêrel verkeerd is, is die hele ding verkeerd, sien. Jy het die hele klomp van hulle verkeerd. O, goeiste, moenie kopieer nie; ontmoet Hom self.

59 'n Goeie vriend van my, wat hier agter staan, is 'n ou … is 'n seun van 'n vriend van my, 'n lewenslange vriend, klein Jim Poole. Wel, ek en sy pappa het saam grootgeword in die skool, en o, wat 'n goeie kêrel. Klein Jim en ek bid voortdurend dat groot Jim 'n Christen sal word, 'n ware gelowige. En ek en klein Jim het gister gepraat oor waar ons God in die woude gevind het en Hom in die natuur gesien het. Dis daar waar jy Hom vind, want Hy is 'n Skepper, en Hy's in Sy skepping.

En ek onthou, ek en Jim het altyd gegaan, wou gaan jag. En toe die aand aangebreek het, wel, het ons altyd afgegaan, ons fietse geneem en hier in hierdie straat afgery (doodbang om by die begraafplaas verby te gaan nadat dit donker geword het), en afgegaan en vir ons 'n roomys gekry.

60 En Jim het daarvan gehou om biljart te skiet. Nou, ons was net seuns van tien, twaalf, veertien jaar oud. En toe, Jim het daarvan gehou om rond te sit en storieboeke van jag en strikvang te lees. En ek sou rond sit en dagdroom (Sien?) omtrent… En nou, party van die seuns kan my sien. En ek sou 'n klein hutjie iewers sien, en ek het altyd gesê, "Kêrel, dit sou 'n goeie hut wees om in die berge te hê."

En ek het altyd gedroom dat ek eendag vir my 'n hut in die berge sal hê, 'n groot klomp honde, en 'n paar gewere. Ek het altyd gedink, "As ek 'n 30-30 eendag kon besit…" Gedink, "Hoe in die wêreld sou ek ooit 'n 30-30 geweer besit?" En nou die dag, terwyl ek staan en na my muur kyk, en daar sommige van die beste gewere sien wat gekry kan word, het ek gedink, "Ongelooflike genade!"

Ek het gedink, "Ek sal myself oplei om te skiet, en goed skiet. En dan, miskien een of ander tyd om 'n reis in die berge in te neem, sal 'n goeie jagter my saamneem net om soort van 'n ... want hy wil sy lewe beskerm teen 'n beertjie—hy was nie te seker nie. Een of ander ryk man sou my saamneem, net om saam met hom te gaan, soort van 'n lyfwag. Miskien sou ek eendag in Afrika gaan jag as 'n lyfwag, as ek net kon oefen. Dis die enigste ding wat ek kan doen is om te oefen om 'n goeie, bestendige skut te wees. O," en ek het gedink, "God, dink aan U wat my oor die wêreld laat jag. Wat 'n wonderlike ding!"

Jim het altyd gesit en die boek gelees.

En ek het gesê, "Jim…"

Hy het gesê, "Ek hou daarvan om daaroor te lees."

Ek het gesê, "Jim, dis wat iemand anders gedoen het; ek wil dit self doen; ek wil die ondervinding hê!" Wanneer ek by Christus kom, kon ek nie iemand anders se ondervinding neem nie; ek wou dit self hê.

61 Ek onthou toe ek Zane Grey se "Lone Star Ranger" gelees het. Ek het twee of drie besems vir Mamma gebreek, in die huis rondgery en gegalop, toe ek op hierdie stokperdjie-besem was. Ek het daardie storie gelees van die alleenster-veldwagter, en hoe hy die geregtigheid deur die Big Bend gebring het.

Toe lees ek Edgar Rice Burroughs se fiksieverhaal van "Tarzan en die ape." Moeder het 'n ou bont mat gehad, 'n robvel mat of iets wat mev Wathen haar van die vuur af gegee het. En dit het in haar kamer gelê, en ek het daardie mat uitgeneem (Mamma het geweet die wind het dit nie uitgewaai nie), en ek het dit uitgehaal en dit opgesny en vir my 'n Tarzan pak gemaak, en in die boom gesit. Ek het die helfte van my tyd in die boom gewoon, hierdie Tarzan-pak weggesteek omdat ek gesien het wat hy gedoen het, ek wou dit ook doen.

Maar eendag het ek deur die genade van God die ware Boek, die Bybel, beetgekry. My lied en storie was, "Om soos Jesus te wees; op aarde verlang ek om soos Hy te wees." Ek wil nie 'n biskop wees, of een of ander groot kêrel in die kerk, een of ander pous, of een of ander priester nie. Ek wil soos Jesus wees.

62 'n Absoluut, dit maak jou anders. Daar's iets daaromtrent om Sy Woord te lees en… Iets in jou hart wat jy verlang om soos Hy te wees. Jy's seker… Dis soos…

Die absoluut vir die Christus—die absoluut vir die Christen is soos die anker in die skip. Ja. Jy moet 'n absoluut hê. En as Christus jou absoluut is, is dit soos die anker dat wanneer jy… Die see is baie rof, en die skip is omtrent gereed om te sink, en net een hoop wat jy het, is om anker uit te gooi. En dan, as die skip rondgegooi word (sien?), sal die anker die skip hou. Julle weet, ons het 'n lied (ek vergeet nou die outeur se naam, maar…): "My Anker Hou."

63 Soos die seuntjie (soos ons baiekeer gedink het) wat die vlieër vlieg, jy kon niks sien nie, maar hy het die tou gehad. En 'n man het verbygegaan en gesê, "Wat doen jy, Seunie?"

Hy het gesê, "Ek vlieg my vlieër."

Hy het gesê, "Wat het jy in jou hand?"

Hy het gesê, "Die tou!"

Gesê, "Waar is die vlieër?" Gesê, "Ek sien dit nie. Wel, hoe weet jy jy vlieg 'n vlieër?"

Hy het gesê, "Ek kan dit voel; dit pluk," sien. Aan die einde van daardie tou was daar 'n absoluut. Op sy klein manier, was daardie vlieër sy absoluut, sodat hy kon sê hy het 'n vlieër gevlieg; hoewel hy dit nie kon sien nie, maar hy het 'n houvas op iets gehad wat 'n houvas daarop gehad het! Dis hoe 'n mens, wanneer hy wedergebore is deur die Heilige Gees, hy 'n houvas het op iets wat 'n anker daar oorkant het; en die storms skud hom nie. Hy weet hy's reg; hy's geanker. Goed!

64 Nou, as ons in ons klein bootjie is, dryf oor die lewe se plegtige hoof… Soos die groot digter gesê het dat:

.....................

"Lewe is nie 'n leë droom nie!"

En die siel is dood wat sluimer,

En dinge is nie wat hulle blyk nie.

Die lewe is werklik! En lewe is ernstig!

En sy graf is nie sy doel nie;

"Want jy is stof en keer terug tot stof,"

Was nie gepraat van die siel nie.

O, ek dink dis so mooi. Nou, Longfellow het daardie "Psalm van die Lewe" geskryf, sien.

Terwyl ons vaar oor die lewe se plegtige hoof,

Want verlate en skipbreukeling broer,

Deur te sien, sal weer moed skep. (Sien?)

65 Nou, ons begin, vaar die lewe se plegtige hoof; en Christus, na die skip op die storms van tyd… Wanneer die storms swaar word en hulle rondbeweeg, is ek bly ek het 'n anker wat daar in die dal hou, iewers; selfs die dood self kan jou nie daarvan wegpluk nie. Jy is gebind aan jou absoluut.

Christus is ons anker. Wat is Hy? Hy is die Woord. "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God… En die Woord het vlees geword en onder ons gewoon."

66 Dan wanneer ons weet dat ons aksies presies volgens die Woord is, weet ons ons lering is perfek met die Woord (voeg niks by of neem niks nie, net die Woord); en ons sien dieselfde resultate (wat ander wat geanker het aan dieselfde Woord) lewe in ons lewe, dan hou jou anker. Die lewe van Christus wat gereproduseer word op byna 'n geïnkarneerde manier deur jou soos dit in Christus was, want dit was God in Christus wat die wêreld met Homself versoen het. En jy sien God in jouself wat dieselfde kiel op die Woord vashou, presies net soos Jesus het, en jy sien Sy lewe.

"Die werke wat Ek doen, sal julle ook doen. Hy wat glo (nie hy wat skyn-glo nie, hy wat dink hy glo nie, maar hy wat glo)—hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Hoekom? Hy's geanker aan dieselfde rots. Wat was die rots? Die Woord, altyd! Jy's daar geanker.

67 Dis jou Noordster wanneer jy verlore is op see. Julle weet, ons het 'n klomp sterre, maar daar's net een ware ster wat nie beweeg nie; dis die Noordster, want dit sit in die middel van die aarde. Maak nie saak of jy aan die agterkant is, onderstebo, of waar jy ook al is nie, daardie Noordster is net dieselfde. Dis jou Noordster.

Nou, julle sien? Daar's 'n klomp sterre wat verskuif van plek tot plek. Maar as jy op die see is, wel, enige seeman weet, of enige jagter wat in die bosse ronddwaal, weet dat jou Noordster jou plek is; dis al. Dan, dis soos jou kompas. Jou kompas sal nie na Mars, of Jupiter, of iewers wys nie; dit sal wys na die Noordster. Hoekom? Dis jou absoluut.

68 O, goeiste! Let op, jou absoluut. O, ek gaan iets sê; ek voel dit net aankom. Let op! (Ek voel baie

godsdienstig op hierdie tydstip, want dit is versekering.) Let op! Jou kompas kan net na die Noordster wys. Dis die enigste plek waarheen dit kan wys. As dit 'n ware kompas is, sal dit die Noordster elke keer tref. Is dit reg? Dan as jy die Heilige Gees het, kan dit net na die Woord wys! Dit sal nooit na 'n denominasie wys nie; dit sal nooit wys na 'n geloofsbelydenis nie; dit sal nooit wegwys iewers nie; dit sal reguit na die Woord wys! (Ek voel lus om te skree!)

Let op, dis iets binne-in die mens wat klop. Wanneer jy jou ster daarbuite sien sit, Jesus Christus, die Woord; en jy sien die Gees wat in jou is, sal dit dit nie regs of links laat beweeg nie. Dis die enigste een wat kan… Hy kom om die dinge van God te neem en hulle te wys, hulle te manifesteer.

En Jesus het gesê, "Hy sal net presies die dinge doen wat Ek sê. Hy sal aan julle dinge openbaar wat moet kom [wys julle voor die tyd, voor dit hier kom. Sien?]. Hy sal die dinge neem wat Myne is en sal dit vir julle wys. En dan sal Hy julle dinge wys wat moet kom." (Johannes 15.)

69 Ons sien dat Hy die dinge wys; en Hy neem die dinge wat God s'n is en sal dit vir jou wys; en Hy sal aan julle die dinge openbaar wat Jesus gesê het, met ander woorde, Hy sal die ding duidelik maak. (Plaas dit daar oorkant in die hoek vanaand, want dis wat ons oor 'n rukkie gaan gebruik.) Maak seker, maak dit positief (sien?), dan weet jy of jou Noordster, wat die Woord is vir enige Christen… Enigiets teenstrydig met die Woord…

Kyk! Laat ek julle iets vertel. Luister aandagtig hierna. Hierdie is die volledige Goddelike openbaring van God, Sy wil, en die koms van Christus; en alles lê voltooi reg in hierdie boek. En as enigiets jou daaruit trek, gooi daardie kompas weg, want dis net 'n geloofsbelydenis; dis net 'n organ … dis net 'n papier wat jy in jou sak dra, hang in jou kamer geraam; dis 'n geloofsbelydenis! Vind dan die kompas wat jou by die Woord sit! Amen!

70 Julle let op, toe hierdie ondervinding Paulus getref het, het hy in Egipte en Arabië iewers gegaan en drie jaar studeer. Glorie! Hy moes positief wees. En toe hy gesien het, toe die Heilige Gees hom woord vir woord gerig het, kon hy daardie boek Hebreërs skryf en daardie Jode wys. Sekerlik! Hoekom? Hy was gesentreerd; daardie kompas van die Heilige Gees het hom reg op die Noordster geplaas.

Nou, as jy iets het wat jou daaruit trek, moet jy dit liewer uitlos. Dis reg! Dit sal wys na Sy Woord en slegs na Sy Woord, want die Heilige Gees het gekom om God se belofte te manifesteer of te bevestig. Daar's geen geloofsbelydenis wat dit sal doen nie; geen organisasie sal dit doen nie; geen magte of niks kan dit doen nie, net die Heilige Gees deur die Woord; en Hy is die kiem.

71 Nou, jy neem 'n koringkorrel, 'n mooi koringkorrel, maar dit kan niks doen nie; dis dood totdat die kiem daarin kom, dan produseer dit baie koringkorrels. En Christus is daardie lewe, daardie absoluut. As die koring nie daardie absoluut daarin het nie, sal dit nooit opstaan nie. As daardie koring nie daardie absoluut het nie, is miskien so mooi aan die buitekant, maar dit kan nie lewe nie, want daar is niks daarin om van te lewe nie. Maar wanneer dit daardie absoluut kry, kan dit in die gesig van alle kritici kyk en sê, "Ek sal weer opstaan." Hoekom? Want dit het die absoluut. Dit is daarin; dit moet weer opstaan.

72 En wanneer dit… "As julle in My bly, en My woorde in julle, vra dan wat julle wil." Dis daardie absoluut. Maar as jy geloofsbelydenisse en alles anders daarin vasgemaak het… Jy kan nie olie en water meng nie. Jy kan net 'n breek-dit-op-enige-manier neem wat jy wil; dit sal nooit meng nie, want dis twee verskillende chemikalieë. En jy kan nie geloofsbelydenis maak en die Bybel, teenstrydig met die Bybel, meng nie. Jy kan nie denominasie en vrygebore godsdiens—of vrygebore verlossing laat vermeng nie, want net so seker, God handel net… Ek gaan dit in elk geval sê.

God breek nooit Sy program nie. Hy kan nie breek nie, want Hy is oneindig. En ek besef, julle weet, dit gaan voor baie mense, sien. Maar God kan nie Sy program verbreek nie. Hy kan nie eendag iets doen, en dit verander en iets doen, sê, dit was verkeerd daardie dag nie.

73 God handel nie met groepe mense nie; God handel met 'n individu, want mense het verskillende idees; Hy het 'n ander natuur opgebou. God moet daardie man neem en hom rondmors, en hom rondtrek uit homself uit, totdat Hy hom in Sy natuur kry; en dan handel God met daardie persoon.

Kyk dwarsdeur die eeue, Noag en Moses, die profete, nooit twee van hulle op dieselfde tyd nie—een, voortdurend heelpad deur die eeue. Daarom, as jy sê, "In die menigte van raad is daar veiligheid"… Kyk daarna!

74 Soos ek hier gepreek het nie lank gelede by die Tabernakel nie, daar was Agab; en daar was Jósafat. En hulle het opgegaan na Ramot-Gilead om terug te stoot… Fundamenteel was hulle reg; die land het wel aan hulle behoort. En die vyand, die Siriërs daar bo het hulle kinders se maag gevul met die koring wat die Israeliete moet—Godgegewe eiendom. So, fundamenteel het dit goed gelyk. "Gaan saam met my, en gaan daarheen, en ons sal hulle van die land afstoot." Wel, dit het vreeslik goed geklink; fundamenteel was dit reg, maar dis voorwaardes.

Jósafat, wat 'n goeie man was, het gesê, "Maar moet ons nie die Here raadpleeg nie?"

Natuurlik, Agab, daardie teruggevallene, het gesê, "Wel, sekerlik, [grenslyn gelowige, jy weet]." Gesê, "O sekerlik, ek moes daaraan gedink het. Ek het vierhonderd Hebreeuse profete—vierhonderd van hulle wat ek voed, versorg. Hulle is die beste wat daar in die land is. Ons sal hulle na vore bring."

En almal van hulle het eendragtig gesê, "Gaan op; die Here is met jou." Fundamenteel was hulle reg, maar hulle het nie daardie absoluut geag nie.

Toe, toe hy gesê het, "Is daar nie nog een nie?"

Het gesê, "Ja, daar's nog een, maar ek haat hom." Hy het gesê, "Hy praat altyd kwaad van my (sien), sê altyd…"

75 Hoe kon hy goed profeteer wanneer die hele Woord...? Elía, wat voor hom was, het vir Agab gesê, "Die honde sal jou bloed lek." Nou, hoe kon daardie bevestigde profeet enigiets sê wat nie die wil van God was nie? En hoedat die honde Isébel sou eet, en die mis op die lande sou wees, sodat hulle nie kon sê, "Hier lê Isébel" nie. Met 'n vloek soos daardie op 'n man, hoe kan enigiemand anders seën?

Dis hoe dit vandag is. Hoe kan 'n man hierdie dinge seën wat mense die heeltyd verder van God af wegneem? Daar's net een ding om te doen. As jy by jouself moet staan, vervloek die ding in die Naam van die Here en bly daarby, wanneer jou absoluut…

En jy sê, "Wel, Broer Branham, jy laat mense jou haat."

God sal my liefhê. Dis my absoluut. Kan nie rus op 'n arm van vlees nie, jy moet rus op die Woord, wat God gesê het om te doen.

76 Hoe het Miga geweet hy was reg? Hy het gewag; hy het 'n visioen gehad. Hulle het ook 'n visioen gehad, maar die visioen het nie met die Woord vergelyk nie. En vandag dieselfde ding. Miga het sy visioen met die Woord vergelyk, en toe het hy gesien hy en die Woord was saam. Vandag, as jou visioen teenstrydig is met die Woord, los dit uit, want dis 'n verkeerde absoluut. Miga se absoluut was presies volgens die Woord, so hy kon staan en sê, "Hy…"—wat hy gesê het en dit glo. Toe hulle hom in die mond geslaan en gesê het, "In watter rigting het die Gees van God gegaan?", het hy gesê, "Jy sal uitvind wanneer jy in die binnekamer gaan sit." Reg.

Hy het gesê, "Wanneer ek in vrede terugkeer… Sit hierdie man in die binneste tronk, en wanneer ek in vrede terugkeer," het Agab gesê, "sal ek met hierdie kêrel handel."

"O, nou, Miga, wat daarvan? Jou kop sal afgekap word wanneer hy terugkom!"

77 Miga het daar gestaan net so ferm soos Stéfanus het (Amen!), net so gewillig as wat my Here na die kruis geloop het, net so maklik as wat Daniël in die leeukuil ingegaan het, of Sadrag, Mésag, en Abednégo na die oond gegaan het. Absoluut! Hy het daar gestaan en gesê, "As jy enigsins terugkeer…" Waarom? Hy was absoluut. "As jy enigsins terugkeer, het God nooit met my gepraat nie. Kap dan my kop af."

Hy het 'n absoluut gehad. Hy het geweet dat sy kompas, wat hom na hierdie visioen gelei het, presies by die Noordster was. Ja, meneer! Sy anker het vasgehou. Ja, die Woord en net dit…

As jou absoluut… As jy 'n absoluut in jou lewe het…

78 Daar was 'n tyd toe, julle weet, etiket 'n absoluut gehad het. Ek kan nie aan daardie vrou se naam dink nie, maar die hele nasie het vertrou in wat daardie vrou gesê het. (Ek het haar naam vergeet. Ek het hier 'n nota geskryf; ek kon nie aan daardie vrou se naam dink—wie dit was nie.) Maar hier 'n paar jaar gelede moes hulle… Hierdie vrou, wat sy gesê het… As sy gesê het, gebruik die mes in die linkerhand, dit was dit; dit was die absoluut. Sy was die antwoord op dit alles. En as jy die vurk in die linkerhand sou sit, dan was jy absoluut verkeerd. Wat was haar naam? [Gemeente antwoord, "Emily Post."] O, dis dit, sekerlik. Ja, dis dit.

Nou, jy was absoluut … sy was etiket se absoluut. Dit moet so wees. Soos, o, baie dinge vind ons soos dit. Maar ons vind nou uit dis weg. Eet soos jy wil. Ja, meneer! Goed! Maar dit was etiket se absoluut. Jy moes dit so doen.

79 Daar was 'n tyd toe Adolf Hitler Duitsland se absoluut was. Wat hy ook al gesê het… Toe hy gesê het, "Spring!" het hulle gespring; toe hy gesê het, "Maak dood!" het hulle doodgemaak. Miljoene Jode, hy het sy kop geknik. Sien julle wat gebeur het met daardie soort absoluut? Dit het soos krag gelyk, maar dit was teenstrydig met die Woord.

"Hoe weet jy dit was teenstrydig met die Woord?" God het gesê… Was dit nie Bileam wat probeer neerkyk het op Israel om dit te vervloek nie, hy het gesê, "Ek sien hom as 'n eenhoring. Hoe regverdig is

jou tente. Wie jou vervloek, sal vervloek wees; wie jou ook al seën, sal geseënd wees."

Het gelyk asof Hitler dit kon sien. Het gelyk asof daardie Duitse Christene dit kon sien, sien. Daardie absoluut… Absoluut teenstrydig met daardie Woord… Julle weet, soos gesê is, "God het die mens gemaak, maar die mens het slawe gemaak"—een wat probeer heers oor die ander een. Ons het een heerser, dis God.

Maar Hitler was Duitsland se absoluut. Kyk daarna vandag. Nou, sien wat gebeur het? Dit was die verkeerde absoluut. Hoekom? Dit was teenstrydig met die Woord! En nou, sien julle waarnatoe dit alles gegaan het? Skande.

80 En as jou absoluut in een of ander organisasie is, of een of ander sensasie, of iets anders behalwe die persoon van Jesus Christus, sal jy tot dieselfde deel van skande kom, net erger, sien. As jou absoluut nie Christus is nie, dit is die enigste middelpunt van die menslike lewe; en Christus is die Woord, nie jou kerk nie, die Woord, sien. "Op hierdie absoluut sal Ek My kerk bou"—op Christus, die Woord.

81 Daar was 'n tyd toe Mussolini die absoluut van Rome was. Ek weet nie, ek mag 'n artikel gelees het, of dit kon wees dat ek dit in 'n boek gelees het, of iemand het my vertel; maar toe iemand 'n onderhoud met Mussolini gehad het, wou hy Rome in atletiek bring. En daar's 'n groot standbeeld wat altyd daar van hom gestaan het oor atletiek. Dis in orde! Griekeland het daardie idee baie jare gelede gehad. Rome het altyd probeer om dit te hê. Atlete is goed, atletiek … maar onthou, dit sal nie die plek van Christus inneem nie. Maak nie saak hoe sterk jy is nie, dit het niks daarmee te doen nie. Hy is die hele mag.

82 En sien julle waarop hy Rome probeer bou het? En hy het Rome probeer bou op die ding van 'n absoluut; dat hy daardie absoluut was. En hulle het gesê dat sy bestuurder eendag een minuut te vroeg was, en hy het hom geskiet. Het gesê, "Ek het nie gesê wees hier teen een minuut voor nege nie; ek het gesê, wees hier teen nege!"—boem! en hom geskiet, sien. "Ek wil jou nie een minuut vroeg hier hê nie; ek wil jou hier teen nege hê!" Sien? Kyk watter absoluut het hy homself probeer maak. Maar sien julle wat gebeur het?

83 Julle onthou (baie van julle hier, die oumense, Roy Slaughter miskien, en verder terug daarin)—onthou daaronder toe ek julle van profesie vertel het? Eendag daaronder by die Odd Fellow se gebou, voor ons ooit hiernatoe gekom het, het ek gesê, "Mussolini sal tot 'n skandelike einde kom." Ek het gesê, "Met sy eerste inval sal hy na Ethiopië gaan; en Ethiopië sal op sy voetstap val, maar hy sal aan sy einde kom, en niemand sal hom help nie; in skande sal hy begrawe word." Daar is hy.

Ek het gesê, "Daar's drie ismes wat opgestaan het, Nazisme, fassisme, en kommunisme." Ek het gesê, "Daardie ismes sal draai en tot een kom; dit sal kommunisme wees. Kyk! Kommunisme sal Rome verbrand," sien. Julle hou dit dop. Dis 'n werktuig in God se hande. Hulle dink hulle is teen God, hulle werk reg daarin die heeltyd, weet dit nie. Hy gebruik hulle net as 'n marionet, een of ander werktuig in Sy hand, soos Hy met Nebukadnésar en baie van die ander gedoen het.

84 Nou let op! Sien? Nou, daar was 'n tyd toe Farao 'n absoluut van Egipte was, maar kyk waar is dit nou, sien. Dit het alles misluk. O, dis 'n verkeerde soort, so hulle faal altyd. Hulle is mensgemaakte absoluut. Jy kan nie 'n mensgemaakte absoluut neem nie, ek gee nie om of dit 'n president is, of dit 'n diktator is, of dit 'n koning is, of dit 'n kerk is, of dit 'n organisasie is, of dit 'n geloofsbelydenis is nie, enige van daardie dinge gaan vergaan, net soos al die absoluut van daardie soort deur die eeue.

Ons kan terugkyk… Kyk terug! Kyk na manne wat die keisers vertrou het; kyk na manne wat die diktators vertrou het; kyk na manne wat hulle hoop op daardie soort absoluut gebou het; en kyk waar hulle vandag is!

85 Nou, laat ons onsself omdraai en kyk na die manne wat hulle hoop op die Bybel gesit het, op God se Woord en dit vir 'n absoluut gehou het; kyk waar hulle nou is.

Paulus gee vir julle 'n kort samevatting van hulle in Hebreërs die 11de hoofstuk, wat hulle gedoen het. Hoe hulle koninkryke onderwerp het, geregtigheid bewerk het, ensovoorts; en hulle het rondgedwaal in skaapvelle en bokvelle, van wie die wêreld nie waardig is nie, in heerlikheid gewag vir daardie groot opstanding. Sien. Goed. Party van hulle het nie hierdie wonderwerke bereik nie, en hulle het hulle liggame in elk geval gegee, uitgesien na daardie opstanding. Om hulle lewens te beëindig, het hulle nie daarvoor omgegee nie; hulle wou voortgaan en hulleself offer, sodat hulle daardie opstanding kon verkry; en dis wat hulle gedoen het.

86 Nou, absoluut. Ons praat ... absoluut. Julle weet, ons hooggeregshof is 'n absoluut. Dis 'n absoluut; dis die finale einde van alle argumente in hierdie nasie. Dis reg. Hulle besluit is absoluut, in ons hooggeregshof. Dis reg. O, ek weet partymaal ons hou nie daarvan nie, maar dis in elk geval absoluut. Ja, meneer. Wat as ons dit nie gehad het nie, wat dan? Maar dis 'n absoluut. Is beslis. Hoekom? Dis … ons nasie is daaraan verbind.

Wanneer daardie hooggeregshof uiteindelik hulle finale beslissing neem, is dit dit; daar's geen… Waarnatoe gaan jy daarna? Jy gaan hulle beslissing volg, dis al; jy moet. Hulle is die laaste woord; hulle is die "amen."

Jy kan dit in plaaslike stadshowe verhoor; jy kan dit in landdros verhoor, en dan na allerhande howe gaan, en na federale howe; maar wanneer ons na die hoogste hof gekom het, is dit dit. Dis reg. Partymaal hou ons nie daarvan nie om … te sê, "Wel, ek hou nie van hulle besluit nie," maar jy probeer eenmaal daarvan wegkom. Dis die volk se absoluut. En wat as ons dit nie gehad het nie? Ja.

Ons moet 'n absoluut hê. Almal moet een hê. Julle het een. Maar wat ek julle probeer vertel, agtergrond daar en wys julle wat absoluut is.

Nou, die volk se hooggeregshof is die volk se absoluut. Dis die laaste ding in enige soort van 'n bohaai. Hulle handel dit af. Wat hulle sê, dis dit.

87 Daar's 'n absoluut by 'n balspel. Dis die skeidsregter. O, ja! Soms hou ons ook nie van sy besluit nie, maar dis in elk geval so. Die skeidsregter, sy besluit is die finale woord. Dis reg. Maak nie saak wat ander sê nie; as hy sê dis 'n Hou, is dit 'n hou. Dis reg! Sekerlik. Maak nie saak wat ander sê nie, dit het niks daarmee te doen nie. En laat ons net dink aan … (ek gaan nie na balspeletjies nie, maar ek het dit toevallig neergeskryf.) 'n Skeidsregter, hy's die absoluut by die balspel.

Een van hulle sê, "Dit was 'n bal!"

'n Ander een sê, "Jy's 'n leuenaar!"

Hierdie een sê, "Dit is nie so nie; dit behoort so te wees."

Die skeidsregter het gesê, "Hou!"

Sien, die res van hulle neem hulle sitplek en gaan sit. Hulle kla, party van hulle, maar… Ek veronderstel hulle sou hom "boe" onder in hulle hart en dinge, maar dis in elk geval 'n hou. Hoekom? Hy is die laaste woord.

Eerste bofman het gesê, "Jy weet dit, dit het verbygegaan!"

Die ander sê, "Jy weet dis verkeerd!"

Hy sou sê, "Hou!" Dis al daarvan. "Bly dan stil, gaan terug na jou plek."

88 Wat as daar nie 'n skeidsregter by die balspel was nie? Goeiste, kan julle julle voorstel watter soort speletjie dit sou wees? Een van hulle het gesê, "Dit was 'n hou!" 'n Ander een het *dit* gesê. 'n Ander het *dat* gesê.

'n Ander een het gesê," Jy's 'n leuenaar!"

Daar sou 'n bohaai en 'n geveg wees. Om 'n balspel te hê, moet jy 'n absoluut hê. En hy loop daar uit, en maak nie saak of jy nie van hom hou of wat nie, hy's in elk geval die absoluut. Hy is die absoluut; sy woord is finaal. Maak nie saak wat jy daaroor sê nie, dis so. Nou, as hulle nie het nie, sou die hele spel in chaos beland. Is dit reg?

89 Wat sou die nasie wees as daar nie 'n federale hof was nie? Daar was nie 'n hooggeregshof in hierdie nasie nie, wat sou dit gaan … waarheen sou dit gaan? Die nasie sou in 'n chaos wees.

As daar nie 'n skeidsregter by 'n balspeletjie was nie, as dit sou eindig … jy sou nie die eerste gooi maak totdat iemand sou stry nie. Iemand staan daar en miskien het die … regtig reg op die bord gegaan, en die ander kêrel sou sê, "O, nee! Nee, nee, nee! Dit het dit nie gedoen nie!" en dan daar gaan jy. Eerste bal wat gegooi is, sou hulle daaroor stry. Een van hulle het gesê, "Dit was 'n hou!"

Die ander een sê, "Dit was nie 'n hou nie!"

Sien, jy moet iemand hê aan wie die speletjie gekoppel is, en dis die skeidsregter. Wanneer hy sê, "Hou!" is dit 'n hou. As hy sê, "Bal!" is dit bal. Wat hy ook al sê, dit gaan. Dis dit! En as jy nie het nie, sou jy geen spel gehad het nie.

90 Laat ek julle 'n ander absoluut wys. Daar's 'n rooi lig, 'n rooi lig. Wanneer dit sê, "Stop!" beteken dit stop! As jy oor dit ry, gaan jy daarvoor betaal. Maar as hierdie stad nie enige ligte hier buite gehad het nie, stopligte, watter soort stad sou dit wees? Dit moet 'n absoluut hê. Ek gee nie om wat die polisieman gesê het of enigiemand anders wat daar staan nie; hulle is sekondêr.

As iemand kan bewys dat jy op 'n groen lig deurgegaan het, gee ek nie om wat die polisieman gesê het nie, hulle is verkeerd. Toe die lig gesê het, "Gaan!" beteken dit gaan. Dis die absoluut. Jy kan dit bewys, die lig het gesê, "Gaan!" Die polisieman kon dalk iewers gestaan het, die burgemeester van die

stad mag, iewers, dit maak nie 'n greintjie verskil nie. As jy 'n bewys het dat dit was "gaan", gaan jy; en as iemand jou tref, is dit hulle skuld. Jy kan dit bewys. Dis reg. Ons kan bewys waarvan ons praat. Dis reg.

Nou, wat as daar geen rooi lig was nie? Een ry op na 'n kruising, kyk wat dit sou wees. Een sê, "Haai, gaan uit die pad uit; ek is haastig. Ek moet werk toe gaan; ek is nou laat. Ek gaan nou deur."

Ander een sê, "Jy dink net jy gaan, want ek is die een wat deurgaan, want ek was eerste hier." En ek kan 'n vrou sien uitkom en haar hare regmaak.

Wat as ons nie 'n rooi lig gehad het nie? Sou daar nie 'n verkeersknoop wees nie!

91 Dis wat die probleem is met die kerke, sien. Dis reg. Dis waarom ons so 'n denominasionele warboel gekry het. Dis presies reg. Niemand kom êrens nie, hulle staan, baklei.

Hier is God se lig. Wanneer dit sê, "Gaan!" gaan. Wanneer dit sê, "Stop! Hierdie is ver genoeg!" stop dan. Dis reg. Dis waarop ons gebaseer is, dit, daardie Woord, nie wat 'n klomp manne gesê het of 'n ander klomp manne gesê het nie.

Jesus het gesê, "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo." Dis gaan! "Gaan in die hele wêreld in, verkondig die evangelie aan elke skepsel."

92 Julle weet, so goed as wat geleerdheid is, maar Jesus het dit nooit vereis nie. Dis reg. So goed as wat kerke is, geboue, Hy het dit nooit vereis nie. So goed as wat hospitale was ... die kerke bou hospitale. Dis in orde, ons waardeer dit, maar Hy het dit nooit vereis nie.

Hy het vir die kerk gesê, "Verkondig die evangelie." En die evangelie het nie in Woord alleen gekom nie, maar deur krag en manifestasie van die Woord. Paulus het so gesê. Gaan manifesteer dan die evangelie. O, goeiste! As dit so was…

93 O, ons lewe vandag in 'n tyd toe ons die beste dokters gekry het wat ons ooit gehad het. Ons het die beste geneesmiddels waarmee ons ooit gepraktiseer het. Julle weet dit. En ons salueer daardie manne; ons bid vir hulle. Ek doen dit, en ek hoop julle doen dit. Daardie manne, wat met hulle begrip van gevoel… Hulle het twee sintuie om by te werk, dis sien, en voel, en hulle … en hoor. Hulle werk volgens 'n klank van die hart, of 'n voel van 'n gewas of iets, of die sig van iets wat hulle kan sien, 'n verspreiding van siekte, of iets op die gesig wat die gesig of die liggaam êrens bedek. Hulle werk aan daardie dinge (sien?), want dis… Hulle probeer medisyne neem, en soveel wat dit sal doodmaak, en jou dan nie sal doodmaak nie, ensovoorts. Dis hulle saak om daaraan te werk. En ons waardeer dit; dis baie goed.

Maar, ons het die beste dokters, die beste medisyne, die beste hospitale, en meer siekte as wat ons ooit gehad het. Ons het meer ongeloof as wat ons ooit gehad het. Ja, meneer! Dis presies.

94 Predikers het hulleself georganiseer, en het groot denominasies gekry, en het enigiets ingeneem, ensovoorts (en net vir enigiets wat 'n kerklidmaat maak); en hulle word oorgewen na een of ander kweekskool, soos 'n broeikaskuiken (en broei hulle uit deur 'n slypmasjien wat hulle so uitbring), en weet een of ander tyd nie meer van God as wat 'n Hottentot van 'n Egiptiese ridder weet nie. Bring hulle so deur, en daar het jy dit, sien.

O, wat ons nodig het in ons kerke is 'n man wat 'n absoluut het! Wat ons nodig het in 'n Metodiste kerk, die Baptiste kerk, die Pinksterkerk, die Presbiteriaanse kerk, is 'n absoluut—'n man van God wat gebind sal staan aan die Woord en aan Christus, en daardie gemeente onder daardie toestand bring van waar elke lidmaat wandel in toestand van hierdie Woord, siende dat daardie Woord gemanifesteer word, volg, "Hierdie tekens sal hulle volg wat glo, in die hele wêreld in."

Hulle het gesê, "Daarmee is weggedoen."

Jesus het gesê, "Gaan die hele wêreld in; verkondig die evangelie aan elke skepsel."

Ons het nog nie die hele wêreld bereik nie, en ver weg van elke skepsel. Hoe lank? Die hele wêreld. Na wie toe? Elke skepsel. Wat sal gebeur? "Vir hulle wat glo, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf; in nuwe tale sal hulle spreek; as hulle 'n slang sou opneem of 'n dodelike ding sou drink, sou dit hulle geen kwaad doen nie; as hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

Dis die absolute vashou daar, die Woord, daardie Noordster, daardie kompas wat reg daarby bly. Dis wat ons nodig het.

95 Maar ons het uitgegaan en instellings gebou, die mense georganiseer, lidmate ingeneem, en gestry met die Baptiste (omdat hulle nie geglo het soos ons geglo het nie) en die Metodis (omdat hulle nie hierdie weg gegaan het nie); en ons het 'n groter kweekskool uitgebroei, en groter kerke gebou, die beter luukse kerkbanke, en 'n groter orrel, ensovoorts, en 'n beter geklede menigte; ons het die

burgemeester en almal in die kerk; en wat het ons? 'n Klomp dood, gebind aan 'n denominasionele absoluut! Dood! O, verhoed!

96 As ek in my spore sterf, is my absoluut Jesus Christus; daarop glo ek. As almal uitstap… Iemand het gesê… Dr Davis het vir my gesê, "Billy, as jy soiets soos dit preek, sal jy dit preek vir die pilare van die kerk."

Ek het gesê, "Ek sal dan God se Woord aan die pilare verkondig, want God is in staat om van hierdie pilare kinders vir Abraham op te wek." Reg! God se Woord is waar!

Gesê, "Dink jy hulle sal jou glo?"

Ek het gesê, "Dis nie my saak nie. Dis my saak om getrou te bly aan daardie Woord." Dis reg.

Het gesê, "Dink jy jy kan 'n geleerde wêreld soos hierdie ontmoet met 'n teologie van goddelike genesing?"

Ek het gesê, "Dis nie my goddelike genesing nie, dis Sy belofte. Hy was die een wat die opdrag gegee het."

97 O, en ek onthou toe Hy daar afgeswiep het in daardie groot lig, toe ek daar oorkant op die bodem van die rivier gestaan het, 1933, in Junie, toe Hy gesê het, "Soos Johannes die Doper uitgestuur is om die eerste koms van Christus vooraf te gaan, stuur Ek jou met 'n boodskap aan die wêreld om die tweede koms van Christus vooraf te gaan." En regoor die wêreld het sy gegaan toe herlewingsvure vir vyftien jaar op omtrent elke berg gebou is. Goddelike genesing oor die nasies, en die krag, en herstel, en nou, ek glo sy's gereed om daardie finale klimaks oorkant te tref, om 'n geloof voort te bring wat die kerk sal wegraap in heerlikheid [onduidelik woorde] en sy lê in die boodskappe! Ons is regtig by die eindtyd. Ons het daaroor gepraat en alles, maar die ding het nou op ons beweeg. Ja! Ja, meneer! Jy het gewen! Dis reg!

98 Die rooi lig, soos ek gesê het, dit handel die saak af! Dis al. Die rooi lig sê vir jou wie gaan. Maak nie saak wat enigiemand anders sê nie, dis wat die rooi lig sê. Jy kan regtig 'n verkeersknoop hê as jy nie oplet vir die rooi lig nie. Daar moet 'n absoluut wees. Ja, meneer!

Net soos met die kerk, daar moet 'n absoluut wees. Aan die mense in die kerk, jy moet jou absoluut hê. Maar vandag het elke kerk sy eie absoluut, sien. Dit probeer nie vat…

"Ons Baptiste glo dit!"

"Ons Metodiste glo dit!"

"Ons Presbiteriane glo dit!"

"Ons Pinksters glo dit!"

Dis in orde, maar waarom neem jy nie die res daarvan nie? Wat is die probleem met die res daarvan?

"Ons Baptiste glo in onderdompeling."

Dis goed; wat van die doop van die Heilige Gees nou? Wat van praat in tale? Wat van gawes van genesing? Wat van profesie?

"O, nee! Ons doen nie; dit was vir 'n ander eeu." O, jong!

99 Pinksters, julle sê, "Wel, ons glo in spreek in tale vir die bewys."

Sekerlik, praat in tale is in orde, maar dis steeds nie die bewys nie. Baie mense praat in tale (dis waar,) en dis sover as wat hulle ooit gaan. Die duiwel kan enige gawe wat hy het naboots, enige gawe wat in die Bybel is.

Paulus het gesê, "Al spreek ek in tale van mense en engele; al gee ek my liggaam om as 'n offerande verbrand te word; al verkoop ek al my goed om die armes te voed, en al glo ek om berge te versit; hoewel ek na die kweekskool gegaan het en al die kennis geleer het wat daar te leer is, is ek steeds niks."

100 Dis die persoon van Christus. Christus! Ontvang Hom; en jy kan Hom nie ontvang sonder om Sy Woord te ontvang nie. Die Woord moet eerste kom; dan kom die lewe in daardie Woord en manifesteer daardie Woord.

Het Jesus nie gesê nie, "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My dan nie glo nie"? Dit was die Woord van God wat gemanifesteer is. God was in Christus, het versoen, Homself uitgedruk aan die wêreld, wat Hy was. Dit was die absoluut. Dit was die ewige absoluut daar.

Nou sê julle, “Is dit die ewige, Broer Branham?” Dit was! “Wat dan van vandag?”

Jesus het gesê, “Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen.” Dis dieselfde absoluut. Goed!

101 Elkeen het hulle eie absoluut. O, goeiste! Dis net soos dit was in die dae van Rigters: elke mens het gedoen wat reg was in sy eie oë. In die dae van Rigters het elke mens sy eie absoluut gehad. Hy het gedoen net wat hy wou doen, en dis hoe dit nou is. Elke mens het reg gedoen in sy eie oë.

Nou, julle weet die rede waarom hulle dit in Rigters gedoen het? Dit mag dalk net 'n bietjie skok. Maar die rede waarom hulle dit in Rigters gedoen het, omdat hulle geen profeet gehad het in daardie dae vir die Woord van die Here om na toe te kom nie, so elke mens kon doen wat hy wou in sy eie oë.

En dis presies wat vandag gebeur het. Ons het nie die profeet in hierdie dae van denominasies nie, maar God het ons een belowe. Sien. Hy het. In die laaste dae sou Hy opstaan en Elía weer terugstuur op die toneel, en hy sou die harte van die kinders terugdraai na die geloof van die vaders ... terug na die oorspronklike Pinkster. Julle weet Hy het dit gesê!

102 En ek weet julle sal verwys, soos Hy daar na Johannes gedoen het (daar in Matthéüs 11de hoofstuk en die 6de vers, glo ek is dit) toe hulle gesê het, “Wie dink julle was hierdie man, hierdie Johannes?”

Hy het gesê, “As julle dit kan ontvang, dit is hy van wie gespreek is, 'Kyk, Ek stuur My boodskapper voor My aangesig.'” Dis Maleági 3, nie Maleági 4 nie. Maar onthou, as dit die Maleági 4 was, dan het die Woord gefaal, want Hy het gesê maar net op hierdie tydstip sou die hele wêreld verbrand word, en die regverdiges sou uitstap op die as van die bose. Nee! Moet dit nie deurmekaar maak nie, broer, laat dit sê presies net wat dit sê. Dis reg. Hy het dit belowe in die laaste dae, en dit sal reg in die midde wees.

103 Onthou, tydens rigters, het elke mens gedoen soos hy wou. Daar was geen mens, geen mens kon daardie Woord laat lewe nie. Daar was geen profeet nie. Die Woord van die Here kom altyd na die profeet (dis reg), en hy word altyd gehaat. Net 'n klein groepie wat hom liefhet! Sien. Maar ek bedoel, daar was altyd dit.

God verander nie Sy beleid nie; Hy kan nie en God wees nie. As God ooit iets sê of enigiets doen, moet Hy dit die volgende keer doen. Wanneer daardie krisis ontstaan, as Hy nie die tweede keer optree soos Hy die eerste keer gedoen het nie, het Hy die eerste keer verkeerd opgetree. En wie sal God beskuldig dat Hy verkeerd optree? Wie is jy wat sonde teen God kan lê? Dis wat Jesus gesê het, “Watter een van julle kan My van sonde beskuldig?”

Wat is sonde? Ongeloof. “Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel.”

“Watter een van julle kan My wys dat Ek nie alles vervul het wat Messias behoort te doen nie?” Sien? Niemand het 'n woord gespreek nie. Hy het; die Messias was 'n profeet, en Hy het bewys dat Hy dit was. Hulle het nie 'n profeet gehad vir honderde jare sedert Maleági nie, en hier het Hy op die toneel verskyn. Hy was 'n mistikus vir die mense en 'n struikelblok vir hulle kerk, want Hy het gesê, “Kyk Ek lê in Sion 'n Hoeksteen, 'n kosbare Een, beproef, o, 'n struikelblok. (Ja!) Maar elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.” Dis reg. Daar was Hy, en het die Skrif net presies vervul. Maar diegene wat Hom geglo het, het 'n absoluut gehad.

104 Klein Martha, toe sy Lasarus uit die graf sien kom het, het sy geweet Wie dit was. Selfs voor dit dit gedoen het, het sy die absoluut gehad om te weet, “Ek glo dat U die Seun van God is wat in die wêreld sou kom. Selfs nou, al is my broer dood, sê net die woord; God sal dit doen.” Amen! Sy was absoluut positief. Dis reg.

Toe sy dit gesê het (en sy het dit uit haar hart bedoel), het Hy gesê, “Waar het julle hom begrawe?”

Gesê, “Kom kyk.”

Daar het Hy daar gestaan met 'n visioen, want Hy het gesê, “Ek doen niks totdat die Vader my eers wys nie.” (Johannes 5:19.)

Het Hom weggestuur van … weggegaan van Lasarus se huis. Hulle het vir Hom gestuur om te kom bid. Hy het geweet Lasarus sou sterf; en na die tyd het Hy gesê, “Ons vriend Lasarus slaap.”

Hulle het gesê, “Hy doen goed!”

Hy het gesê, “Hy's dood; en om julle ontwil is Ek bly Ek was nie daar nie.” (Hulle sou Hom gevra het om vir hom te bid.) Toe kom Hy terug, het gesê, “Maar Ek gaan hom wakker maak.” O, goeiste! Nie, “Ek sal gaan kyk wat Ek kan doen, sal ek hom gaan wakker maak.” nie. Waarom? “Die Vader het My alreeds gewys wat om te doen.”

105 Het afgegaan na die graf. Daar het 'n man gestaan; daar het God in vlees gestaan, wat vir daardie

steen kon gesê het, "Los op!" en dit sou opgelos het; maar Hy het vir daardie vroue gesê, daardie arme vroutjies, jong vroutjies, gesê, "Neem die steen weg!"

Jy het ook iets om te doen, sien. En hulle het die klip weggerol; en dit het hulle siek gemaak, hy was so stinkend. Daar het Hy daar gestaan. O, goeiste! Ek kan Hom daardie klein verswakte raamwerk sien regop trek (want die Bybel het gesê daar is geen skoonheid dat ons Hom sou begeer nie; Hy was nie veel om na te kyk nie, sien).

106 Net soos Dawid. Hy was koning gekies toe hy net 'n rooierige dingetjie was, sien. Al daardie yslike groot kêrels het gesê, "Sou hy nie mooi lyk met 'n kroon op sy kop nie?"

"Neem hierdie ouer seun," het Isai gesê.

Samuel het gesê, "God het hom geweier." Het al sy seuns gebring.

Gesê, "Het jy nie enige ander nie?"

"Ja, ons het een, maar hy wou nie soos 'n koning lyk nie. Wel, hy's 'n klein, kromgeskouerde, rooierige kêreltjie."

"Gaan kry hom!" En sodra hy voor daardie profeet aangestap kom, het die Gees op hom geval. Hy het met daardie olie gehardloop en dit op sy kop gegooi, gesê, "Dit is julle koning." Dis dit! Ja, meneer!

107 Toe Jesus daar gestaan het, kromgeskouer, miskien, grys geword toe Hy nog nie ouer as dertig jaar oud was nie. (Die Bybel het gesê Hy mag soos veertig gelyk het.) Jode het gesê, "Jy is 'n Man nie ouer as vyftig jaar oud nie, en Jy sê Jy het Abraham gesien?"

Hy het gesê, "Voor Abraham was, is Ek." Goeiste, o, goeiste! Johannes 6.

Dan kom ons om uit te vind, hier het Hy by die graf gestaan. Hy het geweet daardie visioen moes Hom tref, het geweet dit moes wees. "Neem die klip weg!" Hy was stinkend, toegedraai in grafklere, was dood vir vier dae; sy neus het alreeds ingeval, in soveel tyd.

108 Daar het Hy daar gestaan; het Sy liggaampie regop getrek, "Ek is die opstanding en die lewe! Hy wat in My glo, al was hy dood, tog sal hy lewe." Sê my 'n man kan ooit so 'n stelling maak! "Wie ook al lewe en in My glo, sal nooit sterwe nie! Glo jy dit?"

Sy het gesê, "Ja, Here!" Hoewel Hy haar gefaal het, skynbaar, toe sy laat roep het, het Hy nie gegaan nie, het sy weer laat roep; Hy het nie gegaan nie. Maar hier sê sy, "Ek weet dat U die Christus is wat in die wêreld sou kom."

Hy het gesê, "Lasarus, kom uit!" En 'n man wat vier dae dood was… Waarom? Wat? Christus het die absoluut gehad. Hy het die visioen gesien; dit kon nie faal nie. Dis reg. Dit kon nie faal nie! Hy was absoluut seker.

En Martha was absoluut seker! As sy Hom kon kry om te herken wat sy in Hom geglo het om te wees, sou sy kry waarvoor sy gevra het! Reg! Daar was hulle, die absolute; dit het verbind met die Woord; en dit was dit.

109 Elke mens vandag doen in sy eie oë wat hy goed lyk, want daar is geen profeet nie.

Kyk in die dae van die rigters. Kyk, in die dae toe (ek glo dit was Elía of Elisa, een. Ja!) Dat die dooie baba… Die Sunamitiese vrou, sy gemaak het…

Elía was God se man van die dag, nie net een of ander goeie intelligente leraar nie. Maar hy was 'n ou kêrel wat aangestap het, sou hy vandag by jou deur kom, sou jy hom waarskynlik wegjaag. 'n Hele nasie het hom gehaat. Isébel en al die res van hulle het hom gehaat, want sy het in die Wit Huis gesit en al die vroue laat doen soos sy het; en hulle almal het haar gena-aap; en Agab was gedraai ... sy hoof was gedraai deur haar krag. Ons het dit nie te ver gemis vandag nie, net omtrent dieselfde; en daar het julle dit. Hulle was almal gewild en almal … hulle was besneeuwd.

110 Maar daardie klein ou Sunamiet (nie Sunamitiese vrou nie, maar klein … ja, ek glo sy was 'n Sunamiet), toe sy gekom en gesien het dat daardie krag in Elía was, het sy gesê, "Ek merk dat hy 'n heilige man is." En toe daardie baba dood gelê het, het sy gesê, "Saal daardie muil op en moenie stop nie!" Sy het soontoe gegaan… Sy het geweet… En ek hou daarvan, hoe sy gekom het; sy het by haar absoluut, haar ankerpaal gekom.

Elía het gesê, "Hier kom daardie Sunamiet. Sy treur, maar ek weet nie wat verkeerd is nie." (Sien, God wys nie Sy diensknegte alles nie, net wat Hy wil hê hulle moet weet.) So, hy het gesê, "Haar hart is bedroef, maar ek weet nie." Hy het gesê, "Hardloop, vind uit, Gehasi, en kyk wat verkeerd is."

Hy het gesê, "Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? Gaan dit goed met jou seun?"

Kyk na haar. O, goeiste! Dit is dit. Sy het gesê, "Alles is goed." Hoekom? Sy sou by haar absoluut kom. "Alles is goed." En sy het neergekniel… Voor sy voete neergeval, en Gehási het haar opgerig. Dis nie reg voor sy meester nie, het haar opgerig; en sy het hom begin vertel.

111 Nou, hy het nou geen absoluut gehad nie. Hy het geweet hy het krag gehad deur die visioen om haar die kind te gee, maar nou, wat kon hy doen? Hy het sy staf geneem en afgegaan in die kamer, al die deure toegemaak, almal anders uitgehaal. Hy het op en af in die kamer geloop. Hy het 'n absoluut gehad as hy Hom net kon kontak. Heen-en-weer, op en af in die kamer. O, goeiste! Direk voel hy iets tref hom; hy het homself op die baba gelê, weer opgestaan, weggegaan. Die baba het soort van beweeg, warm geword. Hy het heen-en-weer opgestaan; hy het nie 'n goeie kontak met die absoluut gekry nie. "Wat was dit, Here? Wat het U gesê om te doen?"

Sonder twyfel toe hy omgedraai het, het hy 'n visioen gesien: daardie seuntjie hardloop en speel, spring in die tou, iets soos dit—speel. Hy het homself op die baba gegooi; hy het sy neus op sy neus gesit, sy lippe op sy lippe; en die krag van God het die baba opgewek tot lewe. Wat was dit? Die vrou se absoluut was die profeet; die profeet se absoluut was God. En saam met die Woord, "Ek is die opstanding en die lewe, die krag van God, die Skepper." [Onduidelik woorde.] Sy het weer opgestaan, die baba.

112 Sekerlik! Die rede waarom elkeen op sy eie manier gedoen het, omdat hulle geen profeet gehad het vir die Woord van die Here om te kom nie. Die Woord en die profete het in daardie dag ontbreek.

O, ek het dit gesien by my bekering, van die dag waarin ons geleef het. Ek is so bly dat God my in die hande gekry het voor die kerk. Ek was waarskynlik 'n ongelowige (ja, meneer!), al hierdie konglomerasie van gemors en alles. "Wel, kom oor en sluit aan by ons s'n. En as jy dit nie doen nie, wel, kan jy jou brief kom haal en by die ander een gaan aansluit." O, goeiste!

"Sal jy nie jou brief in ons gemeenskap inbring nie?"

Ek glo daar's een brief; dis wanneer Christus jou naam op die Lam se Boek van die Lewe skryf. Dis die enigste een.

113 Toe ek al die denominasies gesien het… Ons agtergrond is Iers, wat voorheen Katoliek was, en ek het gesien dit was korrup en verrot. Ek het afgegaan na 'n sekere denominasionele kerk hier in die stad; hulle het gesê, "O, ons is die weg, die waarheid, die lig; ons het dit alles."

Ek het na 'n ander een in New Albany gegaan. "O, goeiste! Daardie kêrels daar bo weet nie waarvan hulle praat nie."

Katolieke het gesê, "Julle is heeltemal verkeerd."

Ek het gedink, "O, goeiste!"

Ek het met 'n klein Lutherse seuntjie gespeel, en ek het gedink … 'n klein Duitse Lutheraan; ek het oorgegaan en ek het gesê, "Waar gaan jy kerk toe?"

"Ek gaan na daardie kerk toe."

Ek het afgegaan en ek het uitgevind hulle het gesê hulle was die weg. En ek het afgegaan na Broer Dale, in Emmanuel Baptis, of die Eerste Baptis; hulle het gesê, "Dit is die weg."

Toe het ek oorgegaan na die Ierse kerk, hulle het gesê, "Wel, dit is die weg."

"O, goeiste! Ek is so verward; ek weet nie wat om te doen nie, maar, ek wil regkom!"

114 Ek het nie geweet wat om te doen nie, en ek het nie geweet hoe om te bekeer nie. Ek het 'n brief geskryf. Ek het gedink, "Ek het Hom in die woude gesien." Ek het vir Hom 'n brief geskryf; ek het gesê,

Geagte Meneer,

Ek weet U gaan met hierdie pad af hier, want ek sit hier en eekhorinkie jag. Ek weet U kom verby, en ek weet U is hier. Ek wil U hê… Ek wil U iets vertel…

Ek het gedink, "Nou, wag 'n oomblik. Ek het nooit iemand gesien wat ek nie… Ek wil met hulle praat; ek wil met hulle praat. Ek wil met Hom praat." Ek het gedink, "Wel nou, ek weet nie hoe om dit te doen nie."

115 En ek het uitgegaan in die skuur en gekniel, water, nat en ou wrak van 'n karretjie wat daar staan. En ek het gesê, "Ek glo ek het 'n foto gesien… Ek glo hulle het hulle hande so gesit," en ek het neergesak. En ek het gesê, "Nou, wat gaan ek sê?" Ek het gesê, "Daar's een of ander manier wat jy dit

moet doen, en ek weet nie. Ek weet daar's 'n manier om alles te benader, en ek weet nie…"

Ek het gesê (ek het my hande so gesit)—ek het gesê, "Dierbare Meneer, ek wens dat U net 'n oomblik met my sal kom praat. Ek wil vir U sê hoe sleg ek is." (Het my hand so gehou.) Ek het geluister. Mense het gesê… God het met my gepraat, en ek het geweet Hy het gepraat, want ek het dit gehoor toe ek 'n kind was, my gesê om nie te drink en dinge nie. Hy het my nie geantwoord nie.

Ek het gesê, "Miskien was ek veronderstel om my hande so te sit." So, ek het gesê, "Dierbare Meneer, ek weet nie presies hoe om dit te doen nie, maar ek vertrou dat U sal… Sal U my help?"

116 En elke prediker wat my vertel, kom sluit by hulle s'n aan, en staan op en sê hulle het Jesus Christus geneem, en hulle glo Jesus is die Seun van God. Duiwels glo dieselfde ding, so, ek het gedink, "Ek moet iets beter as dit hê." So, ek het so gesit.

Ek het gelees waar Petrus en Johannes deur die poort genaamd Skone gegaan het, en daar was 'n man kreupel uit sy moeder se skoot. Gesê, "Silwer en goud het ek nie, maar dit wat ek het…" O, ek het geweet ek het dit nie.

So, ek het probeer uitvind hoe om dit te doen; ek het nie geweet hoe om te bid nie. Ek het my hande gemaak; toe het ek so gaan lê. Natuurlik, Satan het toe op die toneel gekom, gesê, "Sien jy? Jy het te lank gewag. Jy's al twintig jaar oud; dis nie nodig om dit nou te probeer nie."

117 Toe het ek heeltemal opgebreek en begin huil. En toe, toe ek regtig opgebreek was, het ek gesê, "Ek gaan praat. As U nie met my praat nie, gaan ek in elk geval met U praat." So, ek het gesê, "Ek is nie goed nie; ek skaam my vir myself! Mnr God, ek weet U sal my iewers hoor. Hoor U my? Ek is skaam vir myself; ek is skaam dat ek U verwaarloos het!"

Omtrent daardie tyd het ek opgekyk, en 'n snaakse gevoel het oor my getrek. Hier kom 'n lig wat deur die kamer beweeg en 'n kruis maak, soos dit; en 'n stem wat ek nooit in my lewe gehoor het nie, het gepraat. Ek het daarna gekyk, net koud oral, gevoelloos; ek is bang. Ek kon nie beweeg nie. Het gestaan, daarna gekyk; en dit het weggegaan.

118 Ek het gesê, "Meneer, ek verstaan nie U taal nie." Ek het gesê, "As U nie myne kan praat nie, en ek verstaan nie U s'n nie. En as U my vergewe het, weet ek dat ek veronderstel is om gereken te word in daardie kruis daar, iewers waar my sondes veronderstel was om daarin te lê. En as U my sal vergewe, kom net terug en praat in U eie taal. Ek sal daardeur verstaan, as U nie my taal kan praat nie." Ek het gesê, "Laat dit net weer terugkom."

Daar was dit weer. O, goeiste! Daar het ek 'n absoluut. Amen! Ja, meneer! Het gevoel soos 'n vrag van veertig ton wat van my skouers af opgelig is. Ek het afgestap deur daardie strandpaadjie, kon nie eens die grond raak nie.

119 Moeder het gesê, "Billy, jy's senuweeagtig."

Ek het gesê, "Nee, Ma, ek weet nie wat gebeur het nie."

Daar was 'n treinspoor daar agter; ek het met daardie treinspoor afgehardloop en in die lug opgespring net so hard as wat ek kon. Ek het nie geweet hoe om uiting aan my gevoelens te gee nie. O, as ek sou geweet het hoe om te skree! Ek het geskree, maar op my eie manier. Sien julle?

Wat was dit? Ek het my siel geanker in 'n hawe van rus. Dit het dit afgehandel; dit was my absoluut. Daar het ek iets gevind, nie een of ander mitiese, een of ander idee nie. Ek het met die Man gepraat. Ek het met daardie Man gepraat wat my gesê het om nooit te drink, of te rook nie, of enigiets te doen wat myself sou besoedel—met vroue, ensovoorts, nie; dat toe ek ouer geword het, sou daar 'n werk vir my wees om te doen. Ek het Hom gekontak, nie die kerk nie; ek het Hom gekontak! Hy! Ja, meneer! Hy was die een.

120 Soos 'n kêrel hier by die Kiwani's gepraat het. Net na die Eerste Wêreldoorlog (Broer Funk wat daar staan, was 'n soldaat)—hy het gesê dat hy ... (Dis 'n bietjie … soort van klink grappig, dis geen plek vir 'n grap nie, maar hier is wat hy gesê het. Hy was hier in New Albany.) Hy het gesê, "Die kaptein het ons uitgeneem, gesê, 'Daardie hele land daar is besaai met Japs. Môre, seuns, gaan ons in; ons moet hulle neem.' Hy het gesê, 'Onthou, kêrels, daar is baie van ons wat vandag hier staan wat nie môre daar sal wees nie. Hulle sal nie môre hier wees nie; ons gaan in, in die oggend met daglig.' Gesê, 'Nou, elkeen kom na sy eie godsdiens.'"

Hierdie kêrel het gesê, "En ek het nie enige godsdiens gehad nie." En het gesê, "Ek het daar gestaan, en al die res van hulle…" Het gesê, "Hier kom 'n kapelaan, het hierdie kant toe gegaan; 'n Protestant het hiernatoe gegaan, en die Joodse het hiernatoe gegaan, en 'n Katoliek het daarheen gegaan met hulle kapelane." Gesê, "Ek het daar gestaan."

121 En het gesê, "Die bevelvoerende beampte het vir my gesê, gesê, 'Kêrel, jy beter by jou godsdiens kom.'"

Hy het gesê, "Ek het nie enige nie."

Hy het gesê, "Jy beter 'n bietjie kry, want jy gaan dadelik iets nodig hê; ek is seker."

En gesê omtrent daardie tyd, hy het 'n klomp sien verbygaan en was Katoliek. Gesê hy het oorgeloop en vir hierdie priester gesê, "Kan jy vir my godsdiens gee?"

En hy het gesê, "Komaan!"

Gesê, "Hy het ingegaan en 'n Katoliek van my gemaak." (En daar in New Albany was daar John Howard en 'n klomp van daardie regte koninklike Katolieke wat daar gesit het, julle weet, toe hierdie kêrel dit vertel het.) En hy het gesê, "Die volgende dag in die geveg…" Hy het gepraat o, hoe dit was, en het gesê (hy's 'n yslike groot kêrel, julle weet)—en gesê, "Hulle het handgemeen geraak, en hulle het net met messe gesteek, en geskree, en gekap, en gekap." Gesê, "Die lyne het deurmekaar geraak, en hulle het reg om mekaar gekom." Japs het hulle reg daarin laat instap, soos daardie, en daardie groot ou masjiengewere wat van elke kant af skree ... 'n hand-tot-hand-geveg.

122 Gesê, "Direk het ek so gestop…" En gesê, "Alles, krete en tekere gaan, jy kon jouself nie hoor nie." Gesê, "Daar's bloed." Hy het gesê, "Ek het gekyk, en dit was my bloed!" Gesê, "Ek het hier gekyk. Daar was 'n gat in my sy." Hy het gesê, "Dit was my bloed." Gesê, "Jy weet, ek…"

En 'n ware… Katolieke vriend, ek sê dit nou net vir die pret. Maar 'n ware, lojale Katoliek het gesê, "Het jy 'n 'Gegroet Maria' gesê?"

Hy het gesê, "Nee, meneer!" Gesê, "Dit was my bloed. Ek wou nie enige sekretaresses hê nie. Ek het gesê, 'Ek wil met die hoofman praat.'" Gesê, "Dit was my bloed."

En ek dink dis omtrent hoe dit is. Ja, meneer! Dis hoe dit gaan. Ons moet 'n ankerpaal hê, 'n absoluut.

"Ek het geen tyd vir Sy sekretaresse gehad nie," het hy gesê, "ek wou met Hom praat."

En dit is dit, broer. Wanneer 'n man na Christus toe kom, wil jy nie een of ander prediker se woord, een of ander sekretaresse se woord, iets anders neem nie. Julle Protestante, moenie *dit*, *dat*, of die *ander* neem nie; gaan na daardie absoluut totdat jy daar geanker is deur die nuwe geboorte, wedergebore, en gevul met die Heilige Gees, en jy sien die Bybel word gemanifesteer in nederigheid en liefde deur jou lewe. O, dan is dit jou absoluut. Ja, meneer.

123 Ek lees in die Woord waar Hy die Woord is. Toe die Duitse kerk gesê het, "Dis so," en die Metodis, en die Baptis, en die Katoliek… Maar ek lees in die Woord waar Hy gesê het, "Op hierdie rots sal Ek My kerk bou, en die poorte van die hel kan nie daarteen standhou nie."

Luister nou, ter afsluiting. Nou, die Protestant sê… Nou, die Katoliek sê Hy het dit gebou op Petrus. "Jy is Petrus, en op hierdie rots…" Nee, Hy het nooit! As dit was, het dit dadelik teruggeval. Hulle het dit op 'n man gebou. Wat het Hy gedoen?

Die Protestante het gesê Hy het dit op Homself gebou. Nee! Hy het nie! Hy het dit nie op Homself gebou nie. Wat het Hy gedoen?

"Wie sê die mense is Ek, die Seun van die mens?"

En sommige het gesê, "U is Elía, en Moses."

Hy het gesê, "Maar wat sê julle?"

Petrus het gesê, "U is die Christus, die Seun van die lewende God."

124 Kyk nou na die woorde. "Geseënd is jy, Simon, seun van Jona; vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie (jy het dit nooit deur een of ander priester geleer nie; jy het dit nooit by een of ander kweekskool geleer nie), maar My Vader wat in die hemel is, het dit aan jou geopenbaar. En op hierdie rots (geestelike openbaring van die Woord), sal Ek My kerk bou, en die poorte van die hel kan nie daarteen standhou nie."

Ek het gedink, "Here, dis dit." Ek lees hier oorkant in die boek van Openbaringe, 21ste hoofstuk ... 22ste hoofstuk, waar Hy gesê het, "Wie ook al [dit is die volledige ding]—wie ook al iets daaraan sal byvoeg; elkeen wat iets daarvan wegneem [ontken dat dit so is], of wie ook al probeer om dit 'n bietjie beter te maak, en dit vir die dag op te poets; "wie ook al byvoeg of wegneem, dieselfde sal geneem word, sy deel, uit die Boek van die Lewe."

Ek het gesê, "Dan is dit al wat ek nodig het, Here, is om dit te glo. En in hierdie, daardie kruis daar oorkant, het die Christus gekom." Dis perfek die hele pad, elke woord wat Hy ooit gesê het. Neem die boek in hierdie hand, die geskiedenis in hierdie hand, en bevestig net reguit af, net perfek. En ek het gesê, "Dan, Here, ontvang my!" En toe ek het, het ek Christus ontvang, die Heilige Gees, in my hart, my absoluut. Dit was nie ek nie.

125 Ek was eenkeer siek toe ek my vrou verloor het; ek het my baba verloor; my vader verloor, en my broer verloor, en my skoonsuster verloor. En Billy het gelê, sterwend, en ek was net omtrent weg. Ek het met die pad opgegaan en gehuil, na haar graf gegaan (sy en die baba, en die baba op haar arm)—het na die graf gegaan. Ek het aangestap gekom; mnr Isler (het altyd hierheen gekom en gespeel, julle weet, die staatsenator van Indiana), hy het met die pad opgekom. Hy het gestop en hy het daarheen gehardloop en sy arms om my gesit (dit was na die '37 vloed); Hy het gesê, "Waarheen gaan jy, Billy? Daar bo?"

En ek het gesê, "Ja!"

Hy het gesê, "Wat gaan jy daar bo doen?"

Ek het gesê, "Ek sal na 'n ou duif luister." Ek het gesê, "Ek sit daar by die baba se graf en hare. 'n Ou duif kom daar af en hy praat met my."

"O," het hy gesê, "Billy!"

Ek het gesê, "Ja! Ek hoor die gefluister van die blare wanneer hulle dit speel. Dit speel musiek vir my."

Mnr Isler het gesê, "Watter soort musiek speel dit?" Ek het gesê,

Daar's 'n land oorkant die rivier

Wat hulle die vir altyd soet noem,

En ons bereik net daardie oewer deur

geloof se besluit;

Een vir een kry ons die portaal,

Daar om by die onsterflike te woon.

Wanneer hulle eendag daardie goue klokke sal lui

Vir my en jou.

126 Hy het gesê, "Billy, ek wil jou iets vra." Hy het gesê, "Wat beteken Christus nou vir jou? Wat beteken Christus vir jou?"

Ek het gesê, "Hy's my lewe, my alles. Hy's al wat ek het, mnr Isler. Hy is my uiterste; Hy's al waaraan ek kan vashou."

Hoekom? Daar het iets gebeur.

Op hierdie rots…

Gesê, "Ek het jou hier op die hoek sien staan en preek totdat jy gelyk het of jy dood sou neerval. Ek het jou al die ure van die nag gesien, op en af in die strate wat siek oproepe maak. En nadat Hy jou eie vrou en jou eie baba geneem het, dien jy Hom steeds?"

Ek het gesê, "As Hy my doodmaak, tog vertrou ek op Hom."

Hoekom? My anker hou binne-in die dal; ek het 'n absoluut gehad. Ek het myself verbind aan Sy Woord, en Sy Woord het vasgehou. Hy is my absoluut. Ek het uitgevind dat al hierdie ander dinge mag faal, maar Christus kan nooit faal nie.

127 Die Katolieke kerk het die pous vir 'n absoluut; die Protestant het hulle biskoppe, en hulle geloofsbelydenisse, en hulle algemene opsieners, maar ek, soos Paulus…

Het jy jou potlood? Pen iets neer! Paulus het gesê, in Handelinge die 20ste hoofstuk en die 24ste vers, "Nie een van hierdie dinge beweeg my nie."

O, hulle kan die geloofsbelydenisse hê; jy kan kry wat jy ook al wil, maar daardie dinge beweeg my nie!

Ek het my siel geanker in 'n hawe van rus,

Om die wilde seë te vaar (wat nie weet waar jy

is nie, hierdie kant, daardie kant) nie meer nie;

Die storm kan oor die wilde stormagtige

diep swiep, (Almal mag wegdraai)

Maar in Jesus is ek veilig vir ewig.

Ja! Nie een van hierdie dinge beweeg my nie, want ek is vasgemaak aan 'n anker.

"O, vandat ek Hom ontmoet het," het Paulus gesê, "op daardie pad was ek vasgemaak aan 'n anker. Hy het my omgedraai; Hy het my reg laat terugkeer." Julle onthou, Paulus het ook aan 'n organisasie behoort (die grootste in die land), maar hy het gebind geraak aan die absoluut.

128 Luister! Ek wil julle iets vertel. Hy het 'n doel gehad om my te red; Hy het 'n doel gehad om jou te red. En ek is vasbeslote, deur Sy wil, om dit te doen, om nie daarby te voeg of daarvan weg te neem nie (Openbaringe 22:19, as julle dit wil neerskryf). Goed! Wie ook al wegneem… Ek is vasbeslote (ek maak gereed om die kerk te verlaat, en julle weet dit), en so is ek vasbeslote om net by hierdie evangelie te bly solank ek lewe, deur die hulp van God.

Onthou! Hier is genade. Daar was miljoene wat gesterf het in sonde toe Hy my gered het. Wie was ek dat Hy sou red? Hy het 'n doel gehad om my te red, en ek is vasbeslote om daardie doel uit te voer. Ek gee nie om nie; dit mag my einde wees, kan nou baie gou wees; maar wat dit ook al is, ek is steeds geanker. Het dit nooit verander nie.

129 Mnr Isler het daardie dag vir my gesê terwyl ons met die pad opgegaan het; hy het gesê, "Billy, in al hierdie probleme het jy jou godsdiens behou?"

Ek het gesê, "Nee, meneer, dit het my gehou." Sien? My anker het vasgehou. Dis reg. Ek het dit nooit gehou nie; dit het my gehou. Ek kan dit nie hou nie; daar's geen manier vir my om dit te doen nie, maar dit hou my. Ja meneer.

Hy het 'n doel gehad om my te red. Daar was miljoene in sonde toe ek na Hom toe gekom het, maar Hy het my gered. Hy het 'n doel gehad om dit te doen. Christus se dood was 'n absoluut vir die vrees daarvan.

130 Christus se dood het die vraag besleg. Wanneer daardie by van die dood Hom gesteek en daardie angel geanker het… Jy weet, 'n by … 'n insek wat 'n angel het, as dit ooit daardie angel anker in … diep genoeg, wanneer dit wegtrek, trek dit die angel daaruit. Die dood het altyd 'n angel gehad.

Die dood het altyd 'n angel gehad, en eendag toe daardie … opgegaan het op Gólgota, en die gestamp van daardie rotse, die bloed wat op die rotse spat… Toe dit die grond op Gólgota getref het, toe Hy na Gólgota gegaan het, het die agterkant van daardie kruis die bloedige voetspore gesleep van daardie klein, brose liggaam wat gaan, voortmarsjeer, (hulle wat Hom slaan en stamp soos Hy teen die heuwel opgegaan het); maar Hy het 'n absoluut gehad. Hy het geweet waar Hy gestaan het, want die Woord van God het deur Dawid gesê, "Ek sal nie My heilige verlaat om verderwing te sien nie; ook sal Ek nie Sy siel in die hel laat nie."

Hy het geweet korrupsie sou binne twee-en-sewentig uur plaasvind; Hy het gesê, "Vernietig hierdie tempel, en Ek sal dit weer oprig binne drie dae." Hy het 'n absoluut gehad!

Daar gaan Hy teen die heuwel op met monde van bespotting, spoeg van dronk soldate, wat 'n lap om Sy gesig gesit en Hom op die kop geslaan het, en gesê het, "Jy's 'n profeet, sê vir ons wie Jou geslaan het!" Daar het Hy die heuwel opgegaan in skaamte en skande om ... te word. Sy klere van hom afgestroop, die skande veragtend, aan die kruis gehang voor die mense, nakend; sterwend in Romeinse skande onder die regering se doodstraf, 'n Man wat niks gedoen het nie.

131 'n Storietjie het eenkeer gesê Maria Magdalena het uitgehardloop en gesê, "Wat het Hy gedoen? Het julle siekes genees, die dooies opgewek, en verlossing gebring aan diegene wat in gevangenskap was. Wat het Hy gedoen?"

En 'n priester het haar in die mond geslaan, totdat die bloed gevloei het, en gesê, " Wil julle na haar of julle hoëpriester luister?" O, daardie denominasionele wêreld; dis 'n vloek van dit alles. Dis dit. Daar is dit.

132 En hulle het Hom aangeneem. Maar soos Hy opgegaan het teen die heuwel en gesleep het… Die duiwel het dit altyd betwyfel, Hy was wat Hy was. Gesê, "As Jy die Seun van God is, verander hierdie

klippe in brood. Jy maak aanspraak daarop dat Jy wonderwerke kan doen. As Jy die Seun van God is, beveel hierdie klippe om in brood te verander."

Daardie selfde ou duiwel lewe vandag. Dis reg. "As jy 'n goddelike geneser is, hier sit ou John *So-en-so* hier op die hoek; ek weet hy's kreupel; genees hom!" Weet julle nie dis daardie selfde ou duiwel nie?

Jesus het gesê, "Ek doen net…" Kyk! Hy het deur die bad van Betesda gegaan waar duisende daar gelê het, verlam, blind, kreupel en verdor, en het na 'n man gegaan wat kon loop. Hy kon rondbeweeg; hy kon dalk prostaatprobleme gehad het. Wat dit ook al was, dit was vertraag (hy het dit agt-en-dertig jaar gehad). Hy het gesê, "Wanneer ek in die bad kom, stap iemand voor my uit." Hy kon loop. Het hulle almal daar laat lê en na daardie einste een gegaan, en hom genees. Hoekom?

Hy het gesê Hy het geweet hy was in daardie toestand. Toe het hulle vir Hom gesê, Hom ondervra toe hulle Hom gevind het (Johannes 5); Hy het gesê, "Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks in Homself doen nie, behalwe wat Hy die Vader sien doen…" Daar's Sy absoluut. Dis steeds die absoluut.

133 Het daar oorkant in Finland gestaan daardie dag, en daardie seuntjie het daar gelê, en ek het om hom geloop en wat daar dood gelê het (was dood vir 'n halfuur, soos julle in die boek gelees het)… Ek het begin wegstap; iets het hulle hande op my geplaas. Ek het omgedraai; ek het gedink, "Wat was dit?" En ek het weer gekyk. Ek het gedink, "Wag 'n oomblik!" Het teruggekyk hier op die skutblad van die Bybel, "En dit sal gebeur, 'n seuntjie van omtrent nege jaar oud… Hy sal doodgery word deur 'n outomobiel. Daar sal 'n lang strook immergroen wees, rotse daarin gelap; die motor sal oorkant die pad lê, vernietig. Hy sal kousies hê soos … hoog op, 'n pypkop kapsel; en sy ogies sal omgedop wees; die bene in sy liggaam sal gebreek wees."

Ek het gekyk; ek het gedink, "O, God!"

Ek het gesê, "Staan stil almal van julle!" (Die burgemeester van die stad daar.) Ek het gesê, "As daardie seun nie binne twee minute van nou af op sy voete is nie, is ek 'n vals profeet. Jaag my uit Finland uit." Sekerlik! "Maar as hy is, is julle julle lewens aan Christus verskuldig." Dis reg. Hulle het stilgestaan.

Ek het gesê, "Hemelse Vader, oorkant die see daar, twee jaar gelede, het U gesê hierdie seuntjie sou hier lê…"

134 Daar was Broer Moore en Broer Lindsay, en hulle wat daarna gekyk het. En oral, en hulle het dit in die Bybel geskryf; en duisende Bybels regoor die land het dit daarin geskryf gehad. Wat was dit? 'n Absoluut.

Die Vader het gewys wat sou plaasvind. Daar is glad geen vrees wat daar staan nie—absoluut. Sekerlik, hy sal opstaan.

Net daar in Finland, waar duisende mense aandeliks inkom (en moet selfs 'n paar uitskuif en my met hulle laat praat; hulle uitskuif en iemand anders insit), daar het hy saam met gestaan… Al die mense het my liefgehad; en hulle het genesings gedoen gesien, maar hier het 'n seun dood gelê. Wat was die absoluut? Die visioen. "Ek doen wat die Vader sê om te doen. Hy wat in My glo, die werke wat Ek doen, sal hy ook doen." Daar's jou absoluut.

Ek het gesê, "Dood, jy kan hom nie langer hou nie; God het gespreek! Kom terug; gee hom op!" En die seuntjie het opgestaan en so rondgekyk; die mense het flou geword en alles.

135 Daar is dit, geskryf net daar en geteken deur die burgemeester van die stad, deur 'n notaris. Dis reg! Wat is dit? 'n Absoluut. Jesus Christus is dieselfde gister, vandag, en vir altyd. As dit nie dieselfde God is wat die vrou van Nain gestop het met die ... haar saam met haar seun gedra het nie.

Toe enigiemand gesterf het in daardie dae, het hulle hulle dadelik in die graf gesit; hulle het hulle nie laat lê nie; hulle het hulle in die graf gesit. Daar is daardie selfde Jesus Christus gister, vandag, en vir ewig.

136 Kyk daar in Mexiko toe daardie babatjie (party van julle wat hier lê … hier sit), en daardie baba (die dokter het 'n verklaring geteken; dit is geskryf in die Christen Sakemanne), daardie baba het gesterf daardie oggend om nege-uur, en dit was tienuur daardie aand. En daardie vroutjie sou nie getroos word nie. Billy het daar gestaan, my seun, haar probeer terugsit, en hy het… Wel, ek reken, hulle het tweehonderd plekaanwysers gehad wat daar gestaan het; en sy het oor hulle geklim. Die vorige aand het daardie blinde man sy sig ontvang; en sy het geweet. (Sy was Katoliek.) Maar uiteindelik het ek gesê, "Gaan, Broer Moore, en bid vir haar, want daardie baba…" Dit het gereën, neergegiet, hulle het daar gestaan van vroeg daardie oggend (uit in daardie groot arena). En ek het gesê… (Het my agter met toue laat sak om in die plek te kom, net daar vir drie aande.) Ek het daar gestaan, en ek het gesê,

“Soos ek gesê het…” (gepreek) en gekyk; ek het 'n babatjie hier voor my gesien, 'n Mexikaanse babatjie, geen tande, net daar gesit, vir my gelag—reg hier voor my. Ek het gesê, “Wag 'n oomblik, Broer Moore, bring haar hier.” O, absoluut!

Die plekaanwysers het teruggestaan; hier het sy gekom. Sy het neergeval en gesê, “Padre, Padre!”

Ek het gesê, “Staan op!”

En Broer Espinoza het gesê, “Staan op!” (Hy het haar in Spaans gesê.) Sy het daar bo gestaan.

Ek het gesê, “Hemelse Vader, ek staan hier in hierdie reën…”

137 'n Mooi vroutjie van omtrent drie-en-twintig jaar oud, iets soos dit, haar hare wat afhang, haar gesiggie wat so opkyk, die kyk in haar oë—verwagting; sy het daardie man gesien wat totaal blind was vir omtrent veertig jaar, sy oë het oopgegaan op die platform. Sy het geweet as God blinde oë kon oopmaak, kon Hy haar baba genees. Daar het sy daar gelê, 'n klein stywe dingetjie wat onder 'n kombers soos daardie gelê het, en dit sopnat. Sy het ook die hele oggend en middag daar gestaan. Daar was dit omtrent elfuur—tienuur daardie aand, iets soos dit, het daardie baba buite gehou (julle het die artikel in die Christen Sakemanne gesien) daar, daardie baba so gehou.

Ek het gesê, “Hemelse Vader, ek weet nie wat dit beteken nie. Ek is net U dienskneg, maar ek het daardie baba oorkant sien staan; dit was lewendig. Ek lê my hande daarop in die Naam van die Here Jesus.”

Gesê, “Whaa!” en begin huil. Die moeder het die baba gegryp en begin skree, en die mense het hier deur begin skree, en vroue wat flou geword het, en dinge. Ek het gesê, “Jy moet niks daaroor sê nie. Stuur 'n hardloper met daardie baba … met daardie moeder, en gaan na daardie dokter en laat hom 'n verklaring teken dat daardie baba gesterf het. Dit het gesterf met longontsteking die oggend voor dit, of daardie oggend om nege-uur.” En ons het die getekende verklaring deur die dokter gekry; die baba is dood verklaar in die dokter se kantoor daardie oggend, en die moeder het dit heeldag rondgedra. Wat was dit? 'n Absoluut!

Wat was dit? Sy het geglo as God blinde oë kon oopmaak, wel, kon God die dooies opwek; want Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd! Ek was nie seker nie; ek het nie geweet totdat ek gesien het nie. En toe ek die baba sien, was dit absoluut. Absoluut reg! Daar was dit. Dood moet sy slagoffer prysgee.

138 Hier het die Seun van God gegaan; daardie by van die dood het begin om rondom Hom te gons. “Ag, hoe kon Hy 'n profeet wees! Hoe kon Hy daar staan en in Sy gesig laat spoeg? Hoe kon Hy daar staan en hulle met Hom laat spot en nie iets daaromtrent doen nie! Dit is nie Emmanuel nie! Dis net 'n gewone man. Kyk na die dronk slobbers van daardie dronk soldate. Kyk na Sy gesig wat bloei!”

Die duiwel het gesê, “Ek sal Hom kry. Ek sal Hom kry.” Hier kom hy soos 'n by, die angel van die dood, wat rondom Hom gons. Maar, broer, toe daardie by ooit sy angel geanker het in daardie Immanuel, toe hy uitgekom het, het hy sy angel verloor, selfs die dood self.

Geen wonder Paulus kon later in die gesig daarvan kyk en sê, “O, dood, waar is jou angel; graf, waar is jou oorwinning? Dank God, Wie ons die oorwinning gee.” Christus se dood was die absoluut vir elke mens wat dit gevrees het.

My hart sê “amen” op elke woord in Sy boek. (Ek sluit af, sekerlik nou. Ek moet dit net afsny, sien.)

139 Dis waarom ek weet die Heilige Gees is my kompas wat my lei. Hy is die een wat my laat weet hierdie Woord is waar; Hy is my absoluut; Hy is my sonskyn; Hy's my lewe; Hy's my anker! Wanneer probleme aan is, is Hy my Noordster. Wanneer ek verlore is, is die Heilige Gees my kompas wat my teruglei na die plek.

Denominasies is soos ander sterre; hulle verskuif saam met die wêreld. Ander sterre verskuif soos die wêreld verskuif, maar nie die Noordster nie. Die wêreld kan skuif waar dit wil, maar dit bly staan. O, broer! Die Noordster is geanker. Die ander skuif rond; jy kan hulle hier en daar sien, en oral anders. Dis die manier met die denominasionele kerke. Maar Christus is die absoluut. Hy is die een in Wie jy kan vertrou. Wanneer die denominasies jou deurmekaar gemaak het, kyk net na die Noordster. Die Heilige Gees is jou kompas.

140 Hy bly altyd getrou aan Sy Woord. Toe hulle my vertel het dat daardie dinge nie kon gebeur in 'n moderne dag soos hierdie nie, het ek geweet as daar geen God is nie, leef dan, eet, drink, en wees vrolik. As daar 'n God is, laat ons Hom dien. En ek het gelewe om die dag te sien dat Hy alles gedoen het, selfs tot die dooies opwek toe Hy hier op aarde was. En ons weet dit deur gedokumenteerde stellings dat dit die waarheid is. Ja, meneer! Hy is my absoluut.

Nou, maak Hom jou absoluut. Neem in die tyd van my probleme, is Hy altyd 'n absoluut. Nou kyk,

deur die genade van God… (Nou, ek moet liewer afsluit. Dit word laat. Wel kyk hier, ek het gedink dit was elfuur; en dis 12:30.)

141 Vriende, heeldag, heelnag, heeljaar, en dwarsdeur die ewigheid kon nooit daarvan praat nie. Moenie dit probeer uitwerk nie. Jy kan nie. Daar's geen manier om dit uit te dink nie. Julle sê, "Broer Branham, as jy…"

Ek weet nie; ek glo net; ek het opgehou om enigiets daaromtrent te probeer doen; ek glo net, dis al, sien. "Nie hy wat hardloop, of hy wat wil nie, dis God wat genade bewys," sien. Nie deur werke nie, dis deur genade, sien. Ek glo dit net. God is… Dit hang van Hom af om die res daarvan te doen. Glo dit net. Tree op daarop.

Hierdie beroemde lied, ek het hulle dit hoor speel … sing dit hier of iewers:

O, liefde van God, hoe ryk en rein!

Hoe peilloos en sterk!

Dit sal vir ewig bestaan,

... heiliges en engele se lied.

142 Wanneer 'n man in wiskunde probeer afbreek, of probeer wys het deur sy geleerdheid, sal dit jou mal maak. Jy kan dit nie doen nie. Moenie dit probeer doen nie. Moenie dit probeer uitpluis nie; God is by uitpluis verby. Jy pluis God nie uit nie, jy glo God net. Dis die geheim. Moet dit nie uitpluis nie, glo dit net. Ek kan julle nie sê wat dit beteken nie; ek kan julle nie sê hoe om dit te doen nie. Ek weet net, ek glo dit net; dis al.

Net soos, jy belowe iets aan 'n klein kind, hy glo dit. Jy moet jou woord hou. Jy's God se kind. Hy hou Sy Woord; glo dit net eenvoudig. Moenie ontsteld wees nie; bly net daar. God het dit eenkeer gedoen, Hy moet dit weer doen. As Hy dit nie doen nie, sal Hy jou sê waarom Hy dit nie kan doen nie. Dis reg. Nou, bly net reg daarby.

143 Julle weet, daardie een vers daar… Ek glo ons kosbare broer daar (is gisteraand gedoop) sing daardie lied, "O, Liefde van God." Hulle sê vir my dat daardie vers, hierdie deel daarvan, vasgepen gevind is op 'n kranksinnige instelling se muur, toe dit gesê het:

As ons met ink die oseaan vul,

Of as die wolke van perkament gemaak was;

En elke stingel op aarde 'n pen,

En elke man 'n skrywer van beroep.

Om die liefde van God hierbo te skryf

Sou die oseaan droog dreineer,

Of kan die boekrol die geheel behou,

Hoewel gestrek van lug tot lug.

144 Dink daaraan, wanneer omtrent driekwart van die aarde water is. En kyk na die waterstof, en suurstof in die lug, die humiditeit en goed, sien. As elke vog ink was, en dink aan die biljoene, en triljoene, en triljoene strooitjies wat penne sou wees. En dink aan die biljoene manne wat op aarde was en elkeen van hulle 'n skrywer van ambag. Om daardie penne in die oseaan te steek en die liefde van God te probeer uitpluis, sou die oseaan droog dreineer; of kon die boekrol die geheel bevat, hoewel gestrek van ewigheid tot ewigheid.

Moet dit nie uitpluis nie; jy kan nie. Jy verloor jou verstand om dit uit te pluis; glo dit net. Maak Hom jou absoluut! Bly daar; die soete vrede en 'n ondervinding wat jy nooit sal vergeet nie, anker daarvoor, en jou anker sal in die dal hou. Laat ons ons hoofde buig.

145 Hoe groot is U! Hoe groot is U! Hoeveel hierbinne met julle hoofde gebuig vanmôre… Die Nuwejaar kom nou aan; en julle was baie godsdienstig (en dis goed, ek waardeer dit, elkeen van julle. Ek is seker God het), maar jy het regtig nie daardie absolute ondervinding gehad nie, daardie iets wat jou net nie laat glo het nie, jy het jou net nie verbeel nie, maar iets het met jou teruggepraat. En dan het jy jou lewe sien verander van daardie tyd af, en elke woord van God, elke belofte word beklemtoon met 'n "Amen." Dan hou jy vas aan die absoluut, want jy onthou, Hy het gesê, "Hemele en aarde sal verbygaan, maar My Woord sal nie faal nie." Jy het nog nie by daardie plek gekom waar jy "Amen" kon sê vir elke woord, as dit teen jou geloofsbelydenis was, as dit teen jou denominasie was nie; maar jy wil by daardie

plek kom soos Moses, soos die res van hulle wat dit nie kon doen totdat hulle daardie absoluut bereik het nie, en jy wil dit in jou lewe hê vanmôre, sou jy net dieselfde aandui deur net jou hande op te lig na God. God seën julle. Goed, meneer. Regoor die gebou.

146 Genadige Vader, ek weet dat ons partymaal moet afskeid neem. Daar moet dan 'n tyd wees wanneer ons hierdie wêreld gaan verlaat. Ons weet nie watter tyd dit is nie, en dit maak nie teveel verskil nie. As ons tyd verby is, dan wil ons kom. Ons doelwit om hier te bly is om U te dien.

En sedert op die pad na vernietiging eendag, terwyl Paulus op die pad na Damaskus was om die kerk te verwoes, het 'n lig hom verblind. En o, God, daardie lig het hom gevolg, want dit was Christus. En hy het daar geanker tot 'n absoluut dat selfs die dood self, hy kon lag in die aangesig daarvan, en sê, "Dank aan God, wat ons die oorwinning gee deur Jesus Christus."

U het 'n volkome absoluut vir daardie apostel geword. U was die amen vir hom in elke sin. U was die ster van sy lewe, die gids. U was die kompas wat hom deur die storm gelei het. U was die openbaring; U was die visioen; U was sy hoop, sy verlossing. Selfs in die uur van dood, toe hy geweet het hy gaan daarheen, was U steeds sy absoluut.

147 U was Daniël se absoluut. U was al die profete se absoluut. Te midde van die denominasionele verskil en die probleme van hulle dae, en die Fariseërs en Sadduseërs, was daar steeds manne wat U vir hulle absoluut geneem het.

En vandag, Here, mans en vroue met erbarming, met liefde, en harte wat bloei, Here, vir 'n ware ondervinding van God te ken, en om 'n versekering te hê van 'n absoluut, miskien al wat die mense ooit tevore geweet het, Here, was om by die kerk aan te sluit. En ons besef, soos ek opreg probeer het, om nie anders te wees nie (U ken my hart), maar sê hulle dat jy nie by die kerk kan aansluit nie, jy sluit aan by die losie, die Metodiste, en Baptiste, en Katolieke, en Pinkster losies; maar jy word in die kerk in gebore—die mistieke liggaam van Christus, en word lidmate van Sy liggaam, met die gawes van die Gees om Sy groot liggaam te laat beweeg in aksie en krag.

148 God, dis wat hierdie hande bedoel het vanmôre toe hulle opgegaan het. "Plaas my, O Here. Neem my, vorm my, maak my; maak net my posisie in die lewe 'n absoluut; gebonde aan Christus, dat ek aan niks anders sal dink as daardie absoluut nie." Skenk dit, Here. Seën hulle, genees die siekes en die beproefdes. Red die verlorenes.

Nou, Here, ons weet dis gebruiklik om die mense na die altaar te roep, maar dit het 'n tradisie vir ons geword. En vanmôre met die altare gevul en die kindertjies en almal… Maar, Here, op een of ander manier het U met hulle gepraat; hulle het hulle hande opgesteek. Hulle het gemaak, want dit was 'n besluit. Hulle wil, hulle wil iets egs hê; en ek doen my gebed namens hulle. Skenk dit aan elkeen, Here.

Wees nou met ons, vergewe ons sonde, genees ons siekte, en gee ons die verlossing wat ons nodig het.

149 En, Here, bo alle dinge, mag ons nooit vandag vergeet nie dat ons gebind is aan die absoluut, ons Noordster, aan Gólgota, aan Christus, en die Heilige Gees neem die woorde van God en laat hulle letterlik aan ons manifesteer deur genesing van die siekes, wys ons visioene, wek die dooies op, en doen presies net wat Hy belowe het om te doen.

En mag hierdie kerk en hierdie mense, van die deel van die liggaam van Christus wat vanmôre hier vergader is, lewe soos Jesus gesê het om te lewe: "Julle is die sout van die aarde." En mag hulle so sout word, totdat hulle gemeenskap dors sal wees. Sout skep 'n dors, en sout kan net red as dit kontak maak. En ek bid, God, dat U dit aan die mense sal skenk, dat hulle ook sielewenners mag wees.

150 Seën ons pastoor, Broer Neville, hierdie nederige dienskneg, Here, wat net so eerbiedig by sy pos van diens staan as 'n lidmaat van die liggaam van Christus, probeer sy uiterste bes om alles te volg wat U vir hom sê om te doen.

Seën die trustees, daardie manne wat so genadig by my gestaan het in hierdie groot, donker tyd wat ek deurgemaak het. Staan by die kerk, wat saam met my gebid en by my gestaan het in tye van probleme. Here. Ek het hulle lief, en ek bid my gebed dat hulle na U sal kyk, Here. Mag hulle wegkyk van hierdie sterflike klei van 'n dienskneg; mag hulle na Hom kyk, wat die almagtige is, wie is… En ons weet, Here, dat ons eindig is. Maak nie saak wie ons is nie, ons is steeds sterflinge. Maar nie die boodskapper nie, maar die boodskap. Skenk dit, Here. Dis waar ons wys na Jesus Christus, die Seun van God. Skenk dat Hy so werklik sal wees vir almal hier vandag, selfs vir die kindertjies, dat Hy die absoluut van die hele gemeente sal word. Ons vra in Jesus se Naam. Amen.

151 Ek het Hom lief, ek het Hom lief,

Omdat Hy my eerste liefgehad het;

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

Nou, terwyl ons dit weer sing, skud hande met iemand voor jou, agter jou, aan die kant van jou, net almal skud nou hande. Bly net sit; draai net om en skud hande as julle kan, sien.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,

Omdat Hy my eerste liefgehad het;

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

152 Hulle het pas nagmaal aangekondig Maandagaand om middernag. Laat ons nou ons hande opsteek en vir Hom sing. Hoeveel voel Hy is jou absoluut? Die Woord, Hy is die Woord. Glo julle dit? Hy is die Woord, en die Heilige Gees het daardie Woord ontkiem om daardie lewe in jou te laat lewe, van die Woord, die bevestiging van die Woord. Plaas die Woord in jou hart; laat die Heilige Gees inkom, en die Woord sien beweeg. Glo, wees nederig; moenie begeer om 'n groot iemand te wees nie; wees 'n niemand, sodat God jou 'n iemand kan maak, sien. Goed. Doen dit nou.

Almal wat Hom liefhet sê, “Amen!” Julle weet wat die woord “Amen” beteken? “Laat dit so wees.” Amen! Dis reg.

Laat ons sê, “Halleluja!” Julle weet wat dit beteken? “Prys ons God!”

153 Toe ek in Duitsland was nie lank gelede nie, het ek opgestaan voor omtrent dertig- of veertigduisend mense daardie dag, en ek het gesê, “Dis 'n vreemde ding wat julle Duitse mense nie kan verstaan nie.” Ek het gesê, “Op my pad hiernatoe vandag, het 'n hond vir my geblaf in Engels. Dis reg.” Ek het gesê, “Hy het glad geen probleme gehad nie. En daar het 'n voël gesit, en hy het vir my in Engels gesing. Ek het in die straat afgekom, en 'n moeder het 'n babatjie op haar arm gehad, toe ek daar agter ingekom het.” En ek het gesê, “Daardie baba het in Engels gehuil. Wat is die probleem met julle mense.” Dis reg. O, as jy net rondkyk, Hy is oral, is Hy nie? Sekerlik is Hy.

154 Nou, laat ons net ons hande opsteek en ons oë toemaak en sing, terwyl ons die pastoor vra om op te kom vir verdaging. Laat ons eers opstaan. Almal op julle eie voete. Almal, het julle Hom lief, nou weer? Sê, “Amen!” En julle weet, die woord “Halleluja” is dieselfde in elke dialek? Gaan in die Hottentot oerwoude van Afrika; “Halleluja” is dieselfde woord. Halleluja! Dit behoort amper 'n Christelike groet te wees, behoort dit nie? Halleluja! Die woord beteken “prys ons God.” En Hy is dit waardig, is Hy nie? Hy is absoluut my Verlosser; Hy is absoluut Jesus Christus, die Seun van God vir my. Hy is absoluut dieselfde gister, vandag, en vir ewig vir my. Is Hy so vir jou?

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,

Omdat Hy my eerste liefgehad het;

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

MESSAGE hub online

Preke Gelewer Deur
William Marrion Branham
"... in die dae van die stem ..." Openb. 10:7

www.messagehub.info